

Die Simfonie-orkes in die Psalmbundel

Psalm 150 as grand finalé in die Psalmbundel

deur

Cobus Manders

voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die vereistes vir die graad

Magister Artium

in Antieke Tale- en Kultuurstudie

aan die Fakulteit Geesteswetenskappe

Universiteit van Pretoria

PRETORIA

Studieleier: Prof GTM Prinsloo

Desember 2002

INHOUDSOPGAWE

1	INLEIDING	4
1.1	Probleemstelling	4
1.2	Hipotese	4
1.3	Navorsingsmetodiek	5
1.4	Verklaring van terminologie	6
2	MUSIEKINSTRUMENTE IN DIE PSALMS	9
2.1	Inleiding	9
2.2	Plekke in die Psalms waar musiekinstrumente voorkom	9
2.3	Die plasing van die sewe musiekinstrumente in die res van die Ou Testament	11
2.4	Redaksionele samestelling van die Psalmbundel	16
2.5	‘n Kort bespreking van die psalms waarin daar musiekinstrumente voorkom	21
2.6	Verspreiding van verwysings na musiekinstrumente in die Psalmbundel	27
3	BESPREKING VAN MUSIEKINSTRUMENTE WAT IN DIE PSALMBUNDEL VOORKOM	29
3.1	Inleiding	29
3.2	Lier (rwnk)	29
3.3	Harp (lbn)	36
3.4	Ramshoring (rpwv)	42
3.5	Tamboeryn (¹ t)	46

3.6	Trompet (twrxxj)	
	50	
3.7	Fluit (bgw [])	
	53	
3.8	Simbale (μy1x1x)	
	55	
4	LITERÊRE-ANALISE VAN PSALM 150	59
4.1	Inleiding	59
4.2	Perikoopafbakening	60
4.3	Tekskritiek	60
4.4	Morfologiese analise	60
4.5	Sintaktiese analise	63
4.6	Struktuur	64
4.7	Poëtiese tegnieke	65
4.7.1	Klankvlak	65
4.7.2	Patroonvlak	66
4.8	Genre	67
4.9	Detailanalise	67
5	SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKING	72
5.1	Inleiding	72
5.2	Verspreiding van die musiekinstrumente oor die hele Psalmbundel	72
5.2.1	Gevolgtrekking verkry vanuit bogenoemde verspreiding van die musiekinstrumente in die Psalmbundel	72

5.2.2	Die Psalmbundel as ‘n groot simfonie en die musiekinstrumente soos ‘n groot simfonie-orke	75
5.3	Samevattende gevolgtrekking	76
	BIBLIOGRAFIE	78
	LYS VAN ILLUSTRASIES	82
	AFKORTINGS	84
	OPSOMMING	85
	SUMMARY	86

HOOFSTUK 1

INLEIDING

1.1 Probleemstelling

In die Ou Testament word daar baie musiekinstrumente genoem en elke musiek-instrument verrig 'n bepaalde funksie. Daar verskyn ook 'n groot getal musiek-instrumente in die Psalmbundel. Dit is verder baie opvallend hoeveel musiek-instrumente in Psalm 150 genoem word. In die hele Psalmbundel word die meeste musiekinstrumente in Psalm 150 genoem. Die vraag is of daar 'n spesifieke rede is hoekom al hierdie musiekinstrumente in Psalm 150 genoem word.

Wat resente navorsing aangaande die komposisie van die Psalmbundel betref, wys Whybray (1996:35) dat dit duidelik is dat die Psalmbundel begin met beklemtoning van weeklaag en eindig op 'n noot van lof. Whybray vermeld dat een van die grootste probleme waarmee ons worstel om die redaksie van die Psalmbundel te verstaan, in die ingewikkelde proses van die komposisie lê. Whybray is van mening dat al wat gedoen kan word, is om die Psalmbundel in sy finale vorm te bestudeer en om in die inhoud leidrade te soek wat betref die karakter en die bedoeling daarvan. Whybray (1996:35) wys op die probleem dat dit nie duidelik is of die Psalmbundel tussen Boek 1 en Boek 5 'n bepaalde opbou vertoon nie.

Watter rol speel die musiekinstrumente in die opbou van die Psalmbundel? Vertoon die musiekinstrumente 'n moontlike progressie in die opbou van die Psalmbundel?

1.2 Hipotese

Aan die hand van 'n literêre-analise van Psalm 150 en die bestudering van die psalms waarin die musiekinstrumente aangetref word, gaan die moontlike rol van die musiek-instrumente in die opbou van die Psalmbundel bestudeer word. Die studie wil aantoon dat die musiekinstrumente 'n baie belangrike rol in die Psalmbundel vervul en dat die Psalmbundel soos 'n groot musikale komposisie is, 'n *simfonie*, waarvan die musiekinstrumente die simfonie-orkes uitmaak.

Geleerdes het al deeglike navorsing gedoen op die verskeie instrumente wat aangetref word in die Bybel en dan spesifiek ook die in die Psalmbundel. Die musiekinstrumente se herkoms is al in die fynste detail bestudeer, maar daar is wel ook onsekerhede en daar word getwyfel oor party musiekinstrumente. Dit is egter nie dié kwessie wat in diepte bestudeer word nie.

Daar is baie teorieë oor die opbou van die Psalmbundel en hierdie studie bring 'n ander perspektief, naamlik dat musiekinstrumente 'n rol speel. Die doel van hierdie studie is om die moontlike rol wat musiekinstrumente in die opbou van die Psalmbundel speel, te bestudeer.

1.3 Navorsingsmetodiek

In die studie word daar eerstens aandag gegee aan die psalms waarin musiekinstrumente genoem word. Die verspreiding van hierdie psalms wat musiekinstrumente noem is belangrik en daarom word elke psalm kortliks bespreek. Die res van die Ou Testament word ook met die Psalmbundel vergelyk. Die verhouding tussen die Psalmbundel en die res van die Ou Testament word ook ondersoek. Al die musiekinstrumente wat in die Psalmbundel genoem word, word in 'n volgende hoofstuk bespreek. In hierdie spesifieke hoofstuk word ikonografie gebruik om te illustreer hoe die verskillende musiekinstrumente gelyk het.

Ook die komposisie van die Psalmbundel word in ag geneem om sodoende die rol van die musiekinstrumente in die opbou van die Psalmbundel te kan bestudeer. Die studie eindig met 'n literêre-analise van Psalm 150. In hierdie literêre-analise word aandag gegee aan die morfologiese analise, sintaktiese analise, struktuuranalise, poëtiese tegnieke, die genre en 'n detailanalise van Psalm 150. Die literêre-analise van Psalm 150 is belangrik, juis omdat die meeste musiekinstrumente in hierdie psalm genoem word. Psalm 150 vorm ook die einde van die Psalmbundel en juis omdat daar so baie musiekinstrumente in hierdie psalm voorkom, kan 'n literêre-analise help om die rol van die musiekinstrumente in die opbou van die Psalmbundel te ondersoek. Met hierdie navorsingsmetodiek wat gevolg word, word soveel as moontlik inligting ingesamel om die hipotese te staaf.

1.4 Verklaring van terminologie¹

Chronologies	Die wetenskap om tyd te bereken of ‘n lys van gebeure wat ‘n sekvens in tyd aantoon
Crescendo	Musikale term wat beteken om geleidelik harder te word
Doksologie	‘n Himne van lofprysing of ‘n formule van lofprysing tot God
Eksiliese	Die koninkryk van Juda se verbanning na Babilonië (587-525 v.C.)
Eskatologie	Die verwagtings oor die eindtyd
Fenomeen	‘n Objek, ‘n ‘ding’ soos dit sigself voordoen aan die menslike bewussyn
Genre	‘n Term van literêre teorie. Die betekenis varieer afhangende van die spesifieke teorie van literatuur. Dit kan ‘n styl van skrywe wees byvoorbeeld liries, dramaties of didakties
Hellenistiese periode	In Ou Nabye Oosterse en spesifiek in Mediterreense geskiedenis, die periode vanaf 332-152 v.C.
Ikonomie	Die kuns van illustrasies of emblematiese voorstellings of ikone
Inclusio	‘n Poëtiese gedeelte wat begin en eindig met dieselfde tema of frase

¹ Deist (1984)

Kultus	‘n Sisteem van godsdienstige waarnemings en rites, aanbidding
Liturgie	Die voorgeskrewe vorm en orde van die handeling wat uitgevoer moet word by ‘n publieke godsdienstige seremonie
Magiese	Die voordoeningskuns om bo-natuurlike kragte of goddelike wesens tot hulp op te roep en te gebruik om goed of sleg te behaal
Mistiek	Die geloof dat realiteit algeheel een is en hiermee word bedoel dat die menslike siel een word met die goddelike siel
Mosaïese Wet	Wet wat sy oorsprong het vanaf Moses self en die wette wat voorkom in die Pentateug
Qumrangeskrifte	Esseense boekrolle ontdek by Qumran naby die Dooie See
Romeinse periode	In die geskiedenis van Siro-Palestina en die Mediterreense wêreld, die periode vanaf 37v.C. – 324 n.C.
Shekinah	Dwaling of inwoning van God se teenwoordigheid by sy mense
Sitz im Leben	‘Plek in die lewe’. Die plasing en funksie van ‘n spesifieke literêre vorm binne die lewe van die gemeenskap wat dit geskep het

Tabernakel	Die tent wat deur Israel gebruik is as 'n heiligdom in die dae voor die bou van die tempel
Talmoed	'Instruksie', die geskrewe weergawe van die besprekings wat gehou is deur Joodse geleerdes van die Wet en ander Ou-Testamentiese gedeeltes vanaf voor-Christelike tye tot omtrent 500
Targoem	'Interpretasie', 'n Aramese vertaling van die Ou Testament wat dateer van laat voor-Christelike tot vroeë-Christelike tye
Teofanie	Manifestasie of verskyning van 'n god/God aan 'n menslike wese
Teokrasie	'n Regeringsstelsel wat God of die gode as die alleen-regeerders van die gemeenskap aanvaar
Transendensie	Die filosofiese siening dat die algehele prinsipe van die heelal anderkant die heelal gevind kan word en buite die wesenlike bestaan
Wysheidspalm	'n Psalm sonder enige onderskeibare individuele vorm, maar tog vertoon dit baie invloed van wysheidsliteratuur in sy denke, tipiese uitdrukkings en didaktiese bedoelings

HOOFSTUK 2

MUSIEKINSTRUMENTE IN DIE PSALMS

2.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk word aandag geskenk aan die plekke in die Psalms waar musiek-instrumente aangetref word. Die bestudering van die plekke van die musiekinstrumente in die Psalms is belangrik omdat dit help om die hipotese van hierdie studie te staaf. In 'n volgende hoofstuk word die verspreiding van die musiekinstrumente in die Psalms breedvoerig bespreek. Die hoeveelheid kere wat die verskillende soorte musiekinstrumente in die Psalms aangetref word, is belangrik en die verhouding daarvan sal ook met die res van die Ou Testament in verband gebring word.

2.2 Plekke in die Psalms waar musiekinstrumente voorkom

- **Psalm 33:2** - /lAWrM] z³/₄ r/c[; lb, nEB] r/NkiB]
hw: hyl' Wd/h
- **Vertaling:** “Loof Jahwe met die *lier*; psalmsing tot sy eer met die tiensnarige *harp*”
- **Psalm 43:4** - yh; l;aô µyhil;aô r/Nkib] òd]/awò
yliyGI tj'm]ci lae
- **Vertaling:** “...na die God van my jubelende blydschap en U kan loof met die *lier*, o God, my God!”
- **Psalm 47:6** - rp; /v l/qB] h/;hyò h[;Wrt]Bi
µyhil;aô hl;[;
- **Vertaling:** “God vaar op met gejuig, die Here gaan op terwyl die *ramshoring* blaas.”
- **Psalm 49:5** - ytid; yji r/NkiB] jT'p]a, ynIzòa;
lv; m; l] hF, a'
- **Vertaling:** “Ek sal my oor neig tot 'n spreuk; ek sal die raaisel verklaar by die *lier*.”

- **Psalm 57:9** - rj'V; hr;y[ia; r/NkiwÒ lb,NEh' hr;W[ydi/bk] hr;W[

- **Vertaling:** “*Waak op, my eer! Waak op, **harp** en **lier**! Ek wil die dageraad wakker maak!*”
- **Psalm 68:26** - t/ppe/T t/ml; [} J/tB] μynIgÒnœ rj'a' μyriiv; WmD]qi

- **Vertaling:** “*Vooraan gaan die sangers, daaragter die snaarspelers, tussen jongmeisies in wat die **tamboeryn** slaan.*”
- **Psalm 71:22** - r/Nkib] òl] hr;M]z³/₄a} yh;l;aÔ òT]mia} lb,n<Aylík]bi òd]/a ynIa}AμG³/₄

- **Vertaling:** “*So wil ek U dan loof met die instrument van die **harp**, u trou, my God! Ek wil sing tot U eer op die **lier**...*”
- **Psalm 81:3** - lb,n:Aμ[i μy[in: r/NKi ¹toAWnt]W hr;m]zIAWac]

- **Vertaling:** “*Hef aan 'n lied en laat die **tamboeryn** klink, die lieflike **lier** saam met die **harp**.*”
- **Psalm 81:4** - WnG«j' μ/yll] hs,KeB' rp;/v vd,job' W[q]Ti

- **Vertaling:** “*Blaas die **ramshoring** op nuwemaan, op volmaan vir ons feesdag.*”
- **Psalm 92:4** - r/NkiB] ÷/yG:hi yle[] lb,n:Ayle[]w" r/c[;Ayle[]

- **Vertaling:** “*By die tiensnarige instrument en by die **harp**, by snarespel op die **lier**.*”
- **Psalm 98:5** - hr;m]zI l/qwÒ r/NkiB] r/NkiB] hw:hyl' WrM]z³/₄

- **Vertaling:** “*Sing tot eer van Jahwe met die **lier**, met die **lier** en die*

stem van sang.”

- **Psalm 98:6** - hw:hyÒ J1,M,h' ynEp]li W[yrih; rp;/v
l/qwÒ t/rx]xoj}B'
- **Vertaling:** “Met *trompette* en die stem van die *ramshoring*; juig voor die aangesig van die Koning, Jahwe!”
- **Psalm 108:3** - rj'V; hr;y[ia; r/NkiwÒ lb,NEh'
hr;W[
- **Vertaling:** “Waak op, *harp* en *lier*! Ek wil die dageraad wakker maak.”
- **Psalm 137:2** - Wnyte/rNœKi WnyliT; Hk;/tB]
µybir; [}Al['
- **Vertaling:** “Aan die wilgerbome wat daarin is, het ons ons *liere* opgehang.
- **Psalm 144:9** - JL;Ahr;M]z¾a} r/c[; lb,nEB] JL;
hr;yvia; vd;j; ryvi µyhil;aÔ
- **Vertaling:** “O God, ek wil ‘n nuwe lied sing tot u eer, op die tiensnarige *harp* wil ek vir U sing.”
- **Psalm 147:7** - r/Nkib] Wnyhel;a]e WrM]z¾ hd;/tB]
hw:hyl' Wn[Ô
- **Vertaling:** “Sing ‘n danklied tot eer van Jahwe met die *lier*.”
- **Psalm 149:3** - /lAWrM]z¾yÒ r/NkiwÒ ¹toB] l/jm;b]
/mv] Wll]h'yÒ
- **Vertaling:** “Laat hulle sy Naam loof in koordans, Hom psalmsing met *tamboeryn* en *lier*.”
- **Psalm 150:3** - r/NkiwÒ lb,nEB] WhWll]h' rp;/v
[q'teB] WhWll]h'

- **Vertaling:** “Loof Hom met die *ramshoring*, loof Hom met *harp* en *lier*.”

- **Psalm 150:4** - bgÉW[wÒ µyNImiB] WhWl1]h' l/jm;W
¹tob] WhWl1]h'

- **Vertaling:** “Loof Hom met *tamboeryn* en koordanse, loof Hom met *snarespel* en *fluit*.”

- **Psalm 150:5** - h[;Wrt] ylex]l]xiB] WhWl1]h'
[m'v;Aylex]l]xib] WhWl1]h'

- **Vertaling:** “Loof Hom met helder *simbale*, loof Hom met klinkende *simbale!*”

(Alle teksverwysings is uit die OAV 1953 en die Hebreëuse verwysings uit die BHS)


Uit bogenoemde kan afgelei word dat daar sewe musiekinstrumente in die Psalmbundel aangetref word, naamlik die lier, harp, ramshoring, tamboeryn, trompet, fluit en simbale.

2.3 Die plasing van die sewe musiekinstrumente in die res van die Ou Testament

- **Lier**

Genesis 4:21; 31:27; 1 Samuel 10:5; 16:16, 23; 2 Samuel 6:5; 1 Konings 10:12; 1 Kronieke 13:8; 15:16, 21, 28; 16:5; 25:1, 3, 6; 2 Kronieke 5:12, 9, 11; 20:28; 29:25; Nehemia 12:27; Job 21:12; 30:31; Jesaja 5:12; 16:11; 23:16; 24:8; 30:32; Esegïel 26:13.

Altesaam word die lier 43 keer in die Ou Testament aangetref, 14 keer in die Psalms en 29 keer in die res van die Ou Testament. Die volgende grafiek stel die persentasie van die verspreiding voor.




Figuur 1 – Grafiek van die verspreiding van die Lier in die Ou Testament

- **Harp**

1 Samuel 10:5; 2 Samuel 6:5; 1 Konings 10:12; 1 Kronieke 13:8; 15:16, 20, 28; 16:5; 25:1, 6; 2 Kronieke 5:12; 9:11; 20:28; 29:25; Nehemia 12:27; Jesaja 5:12; 14:11; Amos 5:23; 6:5.

Altesaam word die harp 28 keer in die Ou Testament aangetref, 8 keer in die Psalms en 20 keer in die res van die Ou Testament. Die volgende grafiek stel die persentasie van die verspreiding voor.




Figuur 2 – Grafiek van die verspreiding van die harp in die Ou Testament

- **Ramshoring**

Eksodus 19:16, 19; 20:18; Levitikus 25:9; Josua 6:4, 5, 6, 8, 9, 13, 16, 20, 22; Rigters 3:27; 6:34; 7:8, 16, 18-20, 22; 1 Samuel 13:3; 2 Samuel 2:28; 6:15; 15:10; 18:16; 20:1, 22; 1 Konings 1:34, 39, 41; 2 Konings 9:13; 1 Kronieke 15:28; 2 Kronieke 15:14; Nehemia 4:12, 14; Job 39:24, 25; Jesaja 18:3; 27:13; 58:1; Jeremia 4:5, 19, 21; 6:1, 17; 42:14; 51:27; Esegïel 33:3-6; Hosea 5:8; 8:1; Joël 2:1, 15; Amos 2:2; 3:6; Sefanja 1:16; Sagaria 9:14.

Altesaam word die ramshoring 74 keer in die Ou Testament aangetref, 4 keer in die Psalms en 70 keer in die res van die Ou Testament. Die volgende grafiek stel die persentasie van die verspreiding voor.




Figuur 3 – Grafiek van die verspreiding van die ramshoring in die Ou Testament

- **Tamboeryn**

Genesis 31:27; Eksodus 15:20; Rigters 11:34; 1 Samuel 10:5; 18:6; 2 Samuel 6:5; 1 Kronieke 13:8; Job 21:12; Jesaja 5:12; 24:8; 30:32; Jeremia 31:4.

Altesaam word die tamboeryn 16 keer in die Ou Testament aangetref, 4 keer in die Psalms en 12 keer in die res van die Ou Testament. Die volgende grafiek stel die persentasie van die verspreiding voor.




Figuur 4 – Grafiek van die verspreiding van die tamboeryn in die Ou Testament

- **Trompet**

Numeri 10:2, 8-10; 31:6; 2 Konings 11:14; 12:14; Hosea 5:8; Esra 3:10; Nehemia 12:35, 41; 1 Kronieke 13:8; 15:24, 28; 16:6, 42; 2 Kronieke 5:12, 13; 13:12, 14; 15:14; 20:18; 23:13; 29:26-28.


Altesaam word die trompet 31 keer in die Ou Testament aangetref, slegs 1 keer in die Psalms en 30 keer in die res van die Ou Testament. Die volgende grafiek stel die persentasie van die verspreiding voor.



Figuur 5 – Grafiek van die verspreiding van die trompet in die Ou Testament

- **Fluit**


Genesis 4:21; Job 21:12; 30:31. Die fluit kom slegs vier keer voor in die Ou Testament, naamlik 1 keer in die Psalms en 3 keer in die res van die Ou Testament. Die volgende grafiek stel die persentasie van die verspreiding voor.



Figuur 6 – Grafiek van die verspreiding van die fluit in die Ou Testament

- **Simbale**

2 Samuel 6:5; 1 Kronieke 13:8; 15:16, 19, 28; 16:5, 42; 25:1, 6; 2 Kronieke 5:12, 13; 29:25; Esra 3:10; Nehemia 12:27. Altesaam word die simbale 16 keer in die Ou Testament aangetref, slegs 2 keer in die Psalms en 14 keer in die res van die Ou Testament. Die volgende grafiek stel die persentasie van die verspreiding voor.



Figuur 7 – Grafiek van die verspreiding van die simbale in die Ou Testament

Vanuit die bogenoemde navorsing is dit duidelik dat sommige musiekinstrumente meer as ander in die Psalms voorkom. Die verhouding van die musiekinstrumente in die Psalms tot die res van die Ou Testament is duidelik sigbaar vanuit die grafieke. In hoofstuk 3 word die bogenoemde musiekinstrumente in diepte bespreek.

2.4 Redaksionele samestelling van die Psalmbundel

Om uit te vind waar die psalms met musiekinstrumente in die Psalms ingedeel is, is dit baie belangrik om aandag te gee aan die redaksionele samestelling van die Psalmbundel. Die Psalmbundel is op 'n spesifieke manier saamgestel en vervolgens val die fokus nou op die redaksionele samestelling van die Psalmbundel.

Wilson (1992:129) vermeld dat die rangskikking van die Psalmbundel nie die belangrikste is nie, maar wel die aanwysers wat die rangskikking bepaal. McFall (2000:223) is van mening dat Wilson iets misgekyk het wat betref die rangskikking van die 150 Psalms en dit is naamlik die numeriese krag van die goddelike name in elke psalm. McFall (2000:228-241) onderskei drie fases waarvolgens die Psalms ingedeel is, naamlik:

- ***Boeke gerangskik volgens die goddelike name***

Onderskeidend van hierdie metode van rangskikking is dat die eerste drie boeke van die Psalmbundel gerangskik is volgens die eenvoudige kriteria van 'n dominante naam wat gebruik is vir die godheid in elke psalm. Die samesteller het noukeurig 'n opname gemaak van die hoeveelheid kere wat Jahwe, Elohim en Adonai in elke psalm voorkom. Die naam wat meer as die ander voorgekom het was die dominante en dit het die plek daarvan bepaal in die eerste fase rangskikking.

McFall (2000:229) vermeld dat die dominante goddelike naam, in elke psalm, verduidelik waarom die samesteller die Dawidpsalms en Koragpsalms in twee groepe verdeel het. Die totale van die name in elk van die vyf boeke wat die Psalmbundel saamstel is soos volg:

	Jahwe	Jah	Elohim	El	Adonai	Eljon	Ander	Totaal
Boek 1 (1-41)	278	-	49	18	16	4	1	=366
Boek 2 (42-72)	32	2	198	16	18	4	3	=273
Boek 3 (73-89)	44	2	63	24	15	9	3	=160
Boek 3A (73-83)	13	1	47	18	6	7	7	(=94)
Boek 3B (84-89)	31	1	16	6	9	2	1	(=66)
Boek 4 (90-106)	105	7	24	9	4	4	2	=155
Boek5 (107-150)	236	32	31	10	14	1	4	=328
Totaal	695	43	365	77	67	22	13	1282

Figuur 8 – Tabel om die totale van die goddelike name aan te dui

- ***Groepe gerangskik volgens elkeen se genre***

McFall (2000:232) wys daarop dat die samesteller van die Psalmbundel 'n tweede fase van rangskikking gebruik het. Die samesteller het die Psalmbundel volgens genre ingedeel in verskeie blokke. Hierdie rangskikking behels slegs die indeling van die Dawidpsalms en die Koragpsalms in hulle onderskeidende blokke.

- ***Rangskikking van die individuele psalms***

Hierdie rangskikking behels dat verskeie individuele psalms apart ingevoeg is. Hierdie individuele psalms is gerangskik volgens deurlopendheid van denke of soortgelyke onderwerpe of temas of selfs woorde wat met mekaar verband hou.

Die Psalmbundel is in vyf boeke ingedeel. Dit is noodsaaklik om te weet hoe hierdie vyf boeke saamgestel is, omdat dit help om aan te dui waar die psalms met musiekinstrumente inpas in die Psalmbundel. Die samestelling van die Psalmbundel help ook om die opbou van die Psalmbundel aan te toon. Die volgende tabel dui aan hoe die Psalmbundel in die vyf boeke ingedeel is.

Boek 1 Psalm 1-41	Boek 2 Psalm 42-72	Boek 3 Psalm 73-89	Boek 4 Psalm 90-106	Boek 5 Psalm 107-150
Psalm 1 en 2 – inleiding tot die Psalmbundel	Psalm 42-83 – Die Elohistiese bundel. Opgebou uit drie kleiner versamelings: I.		‘n Aantal los Psalms: 90- 103	107; 114; 118; 136
Die Dawid- bundel Ps 3-41 (uitgesluit Ps 33)	Die Koragpsalms: Ps 42- 49		Die Halleluja- Psalms: Psalm 104- 106	Ps 111-113; Ps 115-117 Ps 135 Ps 146-150
	Die klein Dawidbundel: Psalm 51-72			Dawidpsalms Ps 108-110; 138-145
	Die Asafpsalms: Ps 50; 73-83			Wetspsalm: Ps 119
	Aanhangsel by die Elohistiese bundel – Ps 84-89 – wat bestaan uit: Koragpsalms: Psalm 84; 85; 87; 88 ‘n Psalm van Dawid: Ps 86 ‘n Psalm van Heman: Ps 88 ‘n Psalm van Etan: Ps 89			Bedevaarts- psalms: Ps 120-134
Slotdoksologie: Psalm 41:14	Slotdoksologie: Psalm 72:18-20	Slotdoksologie: Psalm 89:53	Slotdoksologie: Psalm 106:48	Slotdoksologie en slot van psalmbundel as geheel: Ps 150

Figuur 9 – Samestelling van die vyf boeke van die Psalmbundel²

❖ Boek 1

Dit is nogal opvallend dat Psalm 33 die enigste psalm is wat uitgesluit is uit die Dawidbundel in boek 1. Psalm 33 is boonop die enigste psalm in boek 1 waarin daar 'n musiekinstrument voorkom. Zenger (1994:52) wys daarop dat Psalm 33 'n spesiale

² Burger (1987:16)

plasing in die Psalmbundel het. Volgens Zenger word die tema van Jahwe se genade van Psalm 32:8-10 weer opgeneem in Psalm 33:18, 22. Psalm 33 bied 'n gesistematiseerde refleksie op Jahwe se woord en 'n sintese van skeppingsteologie, teologie van geskiedenis en antropologie (Zenger 1994:54).

❖ Boek 2

Psalms 43, 47 en 49 vorm deel van die Koragpsalms. Hierdie drie psalms met musiek-instrumente in, vorm deel van boek 2.

Psalms 57, 68 en 71 is deel van die klein Dawidbundel en vorm ook deel van boek 2 in die samestelling van die Psalmbundel. In boek 2 is daar dus altesaam ses psalms wat musiekinstrumente bevat.

❖ Boek 3

In boek 3 is daar weer net een psalm wat 'n musiekinstrument bevat. Dit is Psalm 81 wat deel vorm van die Asafpsalms.

❖ Boek 4

In boek 4 is daar twee psalms wat musiekinstrumente bevat. Dit is Psalms 92 en 98. Hierdie psalms vorm deel van die sogenaamde 'los' psalms. Die 'los' psalms is daardie psalms wat nie by 'n spesifieke blok soos byvoorbeeld die Koragpsalms of Dawidbundel inpas nie.

❖ Boek 5

Boek 5 bevat ses psalms waarin daar musiekinstrumente voorkom. Hierdie psalms vorm ook deel van verskillende blokke. Psalms 108 en 144 vorm deel van die Dawidpsalms en Psalm 137 vorm deel van die 'los' psalms. Psalms 147, 149 en 150 is deel van die Hallelujapsalms. Die Hallelujapsalms word so genoem omdat dit met Halleluja begin en soms ook daarmee eindig.

Wilson (1984:337-352) bespreek verskeie tegnieke wat deur redaktors gebruik is om die psalms saam te groepeer en ook om onderskeidings te maak tussen groepe. Hy vind dat

dit in boeke 1 tot 3 (Psalms 3-89) die houding was om psalms saam te groepeer vanweë outeurskap (Dawid, Koragiete, Asafiete) soos aangedui in die psalms se opskrifte. Hy vermeld ook dat die groeperingstegnieke van boeke 4 en 5 verskil van die van boeke 1-3. Daar is baie minder opskrifte by boeke 4 en 5. Die verskyning van woorde soos byvoorbeeld 'Halleluja' aan die begin van 'n psalm is as 'n groeperingstegniek gebruik by boeke 4 en 5. Wilson se grootste argument vir die eenheid van die Psalmbundel behels die plasing van Psalm 1. Hy is van mening dat Psalm 1 spesifiek so geplaas is om as inleiding tot die Psalmbundel te dien.

Wilson (1992:129-142) bied 'n alternatief wat betref die samestelling van die Psalmbundel. Van Brueggemann het Wilson die mening oorgeneem dat die Psalmbundel van 'n oproep van gehoorsaamheid na 'n oproep van prys beweeg.

Brueggemann (1991:63-92) het op sy beurt weer belang gestel in die teologiese intensie van die Psalmbundel. Vir hom was die vaste punte van die Psalmbundel Psalms 1, 73 en 150. Die teologiese opbou – 'how one gets from one end of the Psalter to the other' – kan opgesom word as 'n opbou van gehoorsaamheid wat beweeg na lof. Brueggemann is van mening dat Psalm 73 'n progressie of opbou teweegbring. Psalm 73 beweeg verby die geloof uitgedruk in Psalm 1 na 'n erkenning van God se teenwoordigheid. In Psalm 150 is daar 'n totale selfversekerde uitroep van lof aan God. Hierdie lof het nou moontlik geword omdat die lesse van die lewe nou reeds geleer is deur die verloop van die Psalmbundel.

Die volgende tabel dui aan hoe die verskeie psalms met musiekinstrumente ingedeel is in die samestelling van die Psalmbundel:

Boek 1 (Ps 1-41)	Boek 2 (Ps 42-72)	Boek 3 (Ps 73-89)	Boek 4 (Ps 90-106)	Boek 5 (Ps 107-150)
33	43	81	92	108
	47		98	137
	49			144
	57			147
	68			149
	71			150

Figuur 10 – Indeling van die psalms met musiekinstrumente

2.5 'n Kort bespreking van die psalms waarin daar musiekinstrumente voorkom

- **Psalm 33:2** – Brueggemann (1984:33) verwys na vyf imperatiewe wat in Psalm 33:1-3 voorkom waarin Israel opgeroep word om Jahwe te prys. Volgens Treves (1988:39) kom vers 2 van Psalm 43:4. Bittenwieser (1938:836) beskryf hierdie psalm as 'n lied van dank met 'n universele neiging. Dit verheerlik God as die Skepper en Heerser. Volgens Eaton (1967:98) open die lied deur 'n oproep aan die erediensgangers om God te prys met lewendige musiek, wat gelei word deur klinkende instrumente van die tempelmusikante. Die erediensgangers word opgeroep tot geregtigheid en waarheid omdat hulle God verteenwoordig. Volgens Vosloo (red) in die Bybellennium (1999:CD) word Psalm 33:1-3 beskryf as bestaande uit sewe opdragte. Dit is die tweede groepie van die sewe opdragte wat belangrik is. Hierdie tweede gedeelte beskryf **waarmee** God geloof moet word, naamlik met die **harp** en die **lier**. Craigie (1983:CD) wys op die twee musiekinstrumente wat genoem word in vers 2, naamlik die **harp** en die **lier**. Hy is van mening dat dit sonder twyfel die hele reeks van musiekinstrumente in die orkes simboliseer wat gebruik sou word om God te prys, net soos in Psalm 150.
- **Psalm 43:4** – Eaton (1967:120) beskryf Psalm 43:3-5 as direkte gebed omdat dit 'n belofte van danksegging is. God se besluitnemende aksie word gesoek teen die verdrukkers. Volgens Treves (1988:44) was die outeur van hierdie psalm 'n musikant van die tempel wat ver van die hoofstad gebly het, in Galilea, naby die Jordaan. Bittenwieser (1938:224) dateer hierdie psalm tydens die ballingskap. Die digter beskryf hoe geloof verdriet oorwin en sy siel vervul het ten spyte van die noodlot van sy mense. Die digter wil na die berg³ van die Here gaan om daar weer God te loof en te prys sodat hy weer in God se teenwoordigheid (Shekinah) kan wees.
- **Psalm 47:6** – Treves (1988:46) wys op die Here wat koning genoem word in verse 2, 6 en 7 van hierdie psalm. Brueggemann (1984:150) wys op verse 6-7 van hierdie psalm. Hierdie verse vorm 'n goeie gestruktureerde himne met die twee dele van imperatiewe wat oproep (met die viervoudige werkwoord "sing"). Eaton (1967:130)

³ Die tempelberg

wys op die lof aan God wat op die troon sit. Hierdie lof word gebring deur stem en musiekinstrumente. Hierdie herhalende taal en onderskeide tema druk die ekstatische entoesiasme uit van hierdie belangrike oomblik in die fees van die erediensgangers. Volgens Craigie (1983:CD) is die verwysing na die ramshoring, in die Joodse tradisie, die basis vir die benutting van die psalm in die sinagoge op *Rosh ha-shanah* (Nuwejaarsdag = die eerste dag van Tishri). Die poëtiese taal verwys moontlik na 'n triomfantlike optog van die ark gevolg deur 'n militêre oorwinning. God se ark was 'n simbool van sy teenwoordigheid in die oorlog en dit het opgegaan, gevolg deur die uitroep en blaas van die **ramshoring** deur die mense wat deel in hierdie goddelike oorwinning.

- **Psalm 49:5** – Brueggemann (1984:106) beskou hierdie psalm as 'n wysheidpsalm en dit wil voorkom asof die psalm 'n didaktiese bedoeling het. Buitenwieser (1938:644) dateer hierdie psalm na die ballingskap. Buitenwieser wys ook daarop dat die digter in antieke tye 'n komponis sowel as 'n musikant was. Die digter het self sy gedig by die musiek geplaas. Die **lier** wat in hierdie vers van die psalm genoem word, word gebruik om 'n raaisel te verklaar. Die woorde wat die wysheidsonderwyser spreek word genoem 'wysheid' en 'verstaan' (vers 4) en dit hou verband met die raaisel van vers 5 (Craigie 1983:CD).
- **Psalm 57:9** – Buitenwieser (1938:74) meen dat die psalm se datum vasgestel is. Hy dateer die psalm voor die ballingskap. Baie opvallend is dat Psalm 57:9 en Psalm 108:3 met mekaar ooreenstem. Eaton (1967:151) wys daarop dat die psalm praat van die koms van redding en dit lei tot sang en speel van musiekinstrumente om die wêreld wakker te maak vir die kennis van die standvastige liefde, gelowigheid en heerlikheid. Die selfaansporing in vers 9 moedig die erediensgangers aan om wakker te word en musiekinstrumente te gebruik om die môre in te lei (Tate 1990:CD).
- **Psalm 68:26** – Buitenwieser (1938:31) dateer hierdie psalm voor die ballingskap. Tate (1990:CD) wys dat Psalm 68:26-28 op die kultiese volgelinge dui en dat hulle na 'n sekere feesgeleentheid gaan. Hierdie verse was baie belangrik om die psalm as

'n liturgiese komposisie te staaf. Volgens Eaton (1967:169) is hierdie psalm moontlik gesing met die triomfantlike terugkoms vanaf die oorlog en dat God die oorwinning oor die vyand gegee het. Hy wys ook op die tamboerynspeelsters wat hulle rol gespeel het in die orkes wat op weg is na die heiligdom.

- **Psalm 71:22** – Treves (1988:61) wys daarop dat die psalmis van hierdie psalm nie 'n soldaat is nie. Hy wys daarop dat hierdie psalmis 'n musikus en 'n sanger is volgens vers 22 en 23 van hierdie psalm. Buitenhuis (1938:572) dateer hierdie psalm na die ballingskap. Oesterley (1939:336) dui aan dat Psalm 71 afsluit met 'n triomfantlike himne van lof en dankbaarheid vanaf verse 22-24. Die psalmis maak in vers 22 die belofte dat hy God met die **harp** sal loof (Vosloo (red) 1999:CD).
- **Psalm 81:1, 3-4** – Treves (1988:69) wys daarop dat hierdie psalm geskryf is vir die fees van die eerste dag van Tishri⁴, wat nou genoem word *Rosh ha-shanah* (Nuwejaarsdag) soos reeds vroeër in Psalm 47 uitgewys is. Tydens hierdie fees is die **ramshoring** geblaas. Kissane (1954:52) verwys na die fees van tabernakels wat begin het op die 15de van Tishri. Dit was die mees vreugdevolle fees van die jaar. Dit het die einde van die vrugte-oes aangedui en was geassosieer met die verkondiging van die Mosaïese Wet. Die begin van dieselfde maand was ook 'n vaste fees en was genoem die fees van trompette (Num. 29:1; Lev. 23:24). Dit is die fees van trompette genoem omdat die priesters op daardie dag die koms van die feestelike seisoen, met die blaas van silwer trompette, aangekondig het. Oesterley (1939:370) wys op die funksie van die psalm. Volgens hom is die plek van die psalm naby die begin van die ritueel en is die doel daarvan om die erediensgangers aan die antieke wet te herinner. Oesterley het Kittel se nota op verse 1-3 ten volle aangehaal en dit is belangrik omdat dit die rol van die musiekinstrumente by die tempel uitlig. Hierdie nota verduidelik die gebeure by die tempel en lui soos volg:

"The community is gathered in the forecourt, priests make ready the offering, in the halls about the Temple and at the tables in the court preparations for the festal meal are made by the separate clans and groups of celebrants. Through the doors of the great court streams a surging festal throng; ever-

⁴ September tot Oktober

fresh hosts of pilgrims and participants approach the altar on which the sacred ritual must be consummated. Into this scene we are transported by the rousing note of our psalm, which itself was intended to contribute to the glory of the great festival. At once it supplies us with an illuminating picture of the lyric element in such festivals; the court re-echoes with the joy and exultation of the festal crowd (cf. Lam 2:7). At intervals hymns ring out, sung by priestly choirs, often, as we know, by appointed individuals, accompanied by zither, lute and harp. Elsewhere cymbals control the rhythm of worshippers moving in stately procession or pacing round the altar, and when the sacrifice is burned, the priests make their ram's horns heard in solemn, hollow tones, to tell distant worshippers that the sacred rite has been consummated."

Psalm 81 se inleiding bevat die term Gittiet. Craigie (Tate 1990:CD) onderskei drie moontlike verduidelikings van die term:

1. 'n Tipe musiekinstrument – 'n musiekinstrument vernoem na die plek Gath
2. 'n Musikale wysie – ook moontlik vernoem na 'n plek
3. Moontlik 'n tipe fees

Tate (1990:CD) verwys na die **tamboeryn** in vers 3, en wys daarop dat die **tamboeryn** 'n instrument was wat deur vroue bespeel is. Later word die **tamboeryn** in meer detail bespreek.

- **Psalm 92:4** – Eaton (1967:225) wys daarop dat hierdie psalm ter afsluiting van 'n fees gesing is as danksegging oor die magtige dade van God. Die vroeëre gebruik daarvan was egter 'n saak van spekulasie. Volgens Treves (1988:79) was die instrument met tien snare 'n resente uitvindsel. Dit verskyn nie in die lys instrumente van die ouer gedeeltes van die Bybel nie. Buitenvieser (1938:840) dateer hierdie psalm ook na die ballingskap.
- **Psalm 98:5-6** – Brueggemann (1984:149) verwys na die middelgedeelte van Psalm 98 (verse 4-6) as 'n baie groot oproep tot lof, met 'n reeks imperatiewe. Die uitnodiging is vir die hele aarde en die dominante metafoor is weer eens koningskap. Buitenvieser (1938:334) beskou hierdie psalm as na die ballingskap geskryf. Volgens Oesterley (1939:426) het hierdie psalm 'n eskatologiese karakter. Jahwe word voorgestel met sy troonbestyging. Sy toetrede tot sy domein in hierdie wêreld word beklemtoon met **trompette** en die blaas van die **ramshoring**. Volgens Eaton

(1967:237) is die openbaring voor die Skepperkoning noodsaaklik om die toejuiging te laat plaasvind deur sy subjekte, insluitende die aarde, see, vloede en berge. Al hierdie subjekte verenig op hulle eie manier met die tempelmusikante (verse 5-6) en motiveer hulle om te sing, te klap en om die koninklike voort te laat klink deur die **trompette**. Prinsloo (2000:191) wys daarop dat verse 4-6 van hierdie psalm as selfstandige strofe gereken moet word. Hy wys ook daarop dat vers 5 die lof waarmee Jahwe besing moet word, beklemtoon. Soos wat die imperatiewe in vers 4 voorkom, so kom die musiekinstrumente in vers 5 voor. Vers 6 sluit ook baie nou aan by vers 5 omdat die musiekinstrumente ook hier gelys word. Die Bybellennium (Vosloo (red) 1999:CD) beskou verse 4-6 van hierdie psalm as 'n tweede oproep. Spesifiek almal word opgeroep om te juig en te sing met die begeleiding van musiekinstrumente. Tate (1990:CD) wys daarop dat die geraas by die tempel, gemaak deur sang en musiekinstrumente, 'n legende was (2 Kronieke 29:25-30; Esra 3:10-13).

- **Psalm 108:3** – Bittenwieser (1938:68) klassifiseer hierdie psalm as voor die ballingskap geskryf. Oesterley (1939:456) en Kissane (1954:180) wys daarop dat Psalm 108 uit 'n samestelling van twee ander psalms bestaan. Verse 2-6 is oorgeneem uit Psalm 57:8-12 en verse 7-14 is oorgeneem uit Psalm 60:7-14. Soos reeds vermeld is, stem Psalm 57:9 en 108:3 ooreen en is dit nou meer duidelik waarom dit ooreenstem.
- **Psalm 137:2** – Burden (1991:122) tipeer hierdie psalm as 'n ongewone Sionslied wat klaag- en vloekelemente bevat. Volgens die inhoud van die psalm is dit waarskynlik in die erediens gebruik. Burden wys daarop dat die volk wat gewoonlik met die **lier** vrolike musiek gemaak het so hartseer was dat hulle die instrument by die wilgerbome langs die kanale opgehang het. Eaton (1967) wys ook dat die ophang van die **liere** aan die wilgerbome op die hartseer van die volk dui. Brueggemann (1984:74) is van mening dat hierdie psalm duidelik uit die ballingsgemeenskap in Babilonië kom en dateer na die verwoesting van 587 v.C. Kissane (1954:285) dateer hierdie psalm ook tydens die ballingskap.

- **Psalm 144:9** – Kissane (1954:313) wys daarop dat die titel van hierdie psalm die naam van Dawid het, maar dit is duidelik uit die konteks dat die psalm 'n gebed van oorwinning is. Volgens Treves (1988:101) vorm verse 9-11 die tweede deel van Psalm 144. Burden (1991:158) vra die vraag of 'n mens die psalm nie as twee afsonderlike liedere, naamlik verse 1-11 en 12-15, moet verklaar nie. Die Bybel-lennium (Vosloo (red) 1999:CD) verklaar hierdie psalm deur te sê dat *God alleen die oorwinning oor sy vyande gee* en daarom moet daar 'n nuwe lied gesing word tot God se eer. Die psalmis wil God psalmsing met begeleiding van die **tiensnarige harp**. Burden (1991:162) beskou hierdie psalm as 'n koningsdanklied en 'n na-eksiliese verwerking van Psalm 18. Bittenwieser (1938:833) en Kissane (1954:313) se mening is ook dat hierdie psalm na die ballingskap dateer. Oesterley (1939:569) wys ook daarop dat hierdie psalm gedeeltes oorgeneem het uit Psalm 18. 'n Nuwe lied⁵ wat gesing word saam met begeleiding van 'n tiensnarige harp herroep Psalm 33:2-3. Kissane (1954:313) sê dat die nuwe lied die oorlewering van danksegging insluit.
- **Psalm 147:7** – Kissane (1954:325) dateer hierdie psalm na die ballingskap toe die ballinge weer stewig gevestig was in Palestina en die probleme van die vroeëre jare iets van die verlede was. Hy klassifiseer hierdie psalm as 'n danksegging van die ballinge omdat God hulle teruggebring het vanuit ballingskap, hulle geseën het met 'n goeie oes en Sion vir hulle herbou het. Hierdie danksegging van die ballinge word begelei met 'n **lied**. Oesterley (1939:580) wys daarop dat by vers 7 'n nuwe gedeelte begin, maar dieselfde verskeidenheid van onderwerpe kom voor. Die **harp** verskaf die begeleiding vir hierdie danksegging en lof wat aan God gebring word.
- **Psalm 149:3** – Kissane (1954:333) dateer die psalm in die periode van die Makka-beërs en is geskryf vir die herinstelling van die tempel in 165 v.C. Kissane skryf die psalm toe aan die tyd na die ballingskap. Die historiese agtergrond verskil ook nie veel van die tyd van 147 en 148 v.C. nie. Hierdie lied is gesing in 'n feestyd met die begeleiding van **tamboeryne** en **harpe** (Kissane 1954:334). Oesterley (1939:586)

⁵ 'n Nuwe lied kom ook voor in Psalms 40:3 en 149:1

wys daarop dat hierdie psalm ook 'n nuwe lied⁶ is wat gesing is deur die soldate as danksegging omdat hulle terugkeer van die oorlog af. Die lied van danksegging was gesing saam met die koordanse en begelei deur **tamboeryn** en **harp**. Burden (1991:189) wys daarop dat hierdie lied pertinent 'n "loflied" genoem word omdat die dansende en singende groep die *volk van Sion* is, wat aandui dat dit die kultusgemeenskap is. Met dans en sang vereer hierdie volk hulle Skepper en Koning. Hierdie vers 3 dui aan hoe lof gebring moet word aan Jahwe. Allen (1983:CD) se mening is dat hierdie psalm toegeskryf kan word aan die fees van tabernakels omdat daar in die psalm verwys word na Jahwe se koningskap.

- **Psalm 150:3-5** – In 'n volgende hoofstuk word daar 'n literêre-analise van Psalm 150 gedoen.

2.6 Verspreiding van verwysings na musiekinstrumente in die Psalmbundel

Om iets te begryp van die verspreiding van die verskeie musiekinstrumente in die Psalmbundel kan dit help om 'n diagram te gebruik. Altesaam word daar sewe soorte musiekinstrumente in die Psalmbundel aangetref. Die onderstaande diagram dui aan hoeveel kere die verskeie musiekinstrumente in die Psalmbundel verskyn en die totale word verskaf van die hoeveelheid kere wat die musiekinstrument verskyn. Volgens die diagram is dit baie opvallend hoe baie daar na die lier en die harp verwys word in die Psalmbundel. Meeste van die musiekinstrumente wat oor die Psalmbundel versprei is, kom in Psalm 150 voor. Net een musiekinstrument word nie in Psalm 150 genoem nie en dit is die trompet wat in Psalm 98:6 verskyn. Sommige van die musiekinstrumente verskyn slegs in Psalm 150, naamlik die fluit en die simbale. Dit is baie opvallend dat daar juis aan die einde van die Psalmbundel meer musiekinstrumente in die Psalmbundel verskyn.

⁶ Ook in Psalms 33:3; 40:3; 96:1 en 98:1. Die nuwe lied was ook 'n motief van die troonbestyging (Brueggemann 1984:166).

	Lier	Harp	Ramshoring	Tamboeryn	Trompet	Fluit	Simbale
	33:2	33:2	47:6	68:26	98:6	150:4	150:5 (2x)
	43:4	57:9	81:4	81:3			
	49:5	71:22	98:6	149:3			
	57:9	81:3	150:3	150:4			
	71:22	92:4					
	81:3	108:3					
	92:4	144:9					
	98:5 (2x)	150:3					
	108:3						
	137:2						
	147:7						
	149:3						
	150:3						
Totaal	14	8	4	4	1	1	2

Figuur 11 – Verspreiding van verwysings na musiekinstrumente

In hierdie hoofstuk is aandag geskenk aan die verspreiding van verwysings na musiekinstrumente en wat die verhouding met die res van die Ou Testament is. In die volgende hoofstuk word daar aandag gegee aan die musiekinstrumente wat in die Psalm-bundel voorkom. Daar word gekonsentreer op die funksie van die musiekinstrumente sowel as ikonografiese voorstellings daarvan.

HOOFSTUK 3

BESPREKING VAN MUSIEKINSTRUMENTE WAT IN DIE PSALMBUNDEL VOORKOM

3.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk word elke musiekinstrument wat in die Psalmbundel verskyn, bespreek. Daar word ook gekyk wat die funksie van elke musiekinstrument was, met ander woorde hoe en waar die musiekinstrument gebruik is. Ikonografiese voorstellings word gebruik om te illustreer hoe die musiekinstrumente gelyk het en moontlik vasgehou is wanneer dit bespeel is.

3.2 Lier (*rwṅk*)

Die lier word veertien keer in die Psalmbundel aangetref en kom voor in die volgende psalms: Psalms 33:2; 43:4; 49:5; 57:9; 71:22; 81:3; 92:4; 98:5 (2x); 108:3; 137:2; 147:7; 149:3 en 150:3.

Volgens Sendrey en Norton (1964:113) is die oorspronklike betekenis van die lier, naamlik *rwṅk*, in twyfel. Dit kan in verband gebring word met die Siriese woord, *kenara*, of die Arabiese-Persiese *kunar*, beide beteken "lotus". Die sterk hout van die lotusplant was baie gebruik in die Ou Nabye Ooste en dit was baie bruikbaar vir musiekinstrumente.

Volgens Werner (1962:474-475) kan die woord *rwṅk* met twee terme vertaal word, naamlik "lier" of "luit". Braun (2002:16) wys daarop dat die term *rwṅk* as verwysing na 'n musiekinstrument reeds voorgekom het in die Ou Nabye Ooste lank voor dit in die Ou Testament verskyn het. Volgens Braun was daar baie onsekerheid of die *rwṅk* "Dawid se harp" was, maar deur beide geskrewe en ikonografiese bronne is geleerdes redelik seker dat die *rwṅk* 'n lier was. Moderne navorsing het vasgestel dat die Hebreeuse lier soort-gelyk was aan die vroeëre Griekse *kithara*, wat moontlik die "Asiatiese lier" genoem was (Sendrey & Norton 1964:114). Die lier het moontlik sy oorsprong gehad in die suide van Mesopotamië (Keel 1997:346). Vanaf Mesopotamië is

die lier moontlik na Egipte geneem deur Semitiese immigrante (Sendrey & Norton 1964:114).




Figuur 12⁷ – 'n Lierspeler wat 'n lier bespeel wat in 'n diervorm gemonteer is

Die lier was in die heilige milieu sowel as in die sekulêre milieu gebruik. Braun (2002:17) vermeld ook dat die רנן musiek verskaf het by sekulêre geleenthede, gedurende rou, lofprijsing en selfs toe die ark vervoer was. Hy noem ook dat die רנן by 'n wye verskeidenheid plekke gebruik is, naamlik by kultiese danse en selfs ook by beswerings. Liere word ook in verband gebring met oorwinningsfeeste. Sendrey en Norton (1964:115) wys ook daarop dat die lier die musikale genoot was van vreugdevolle geleenthede en die melodieë wat gespeel is, was meestal soet van klank en het 'n helder toon gehad. Die lier was ook baie gebruik om sangers te begelei. Die lier was een van die mees bekende snaarinstrumente as gevolg van die hoeveelheid ikonografiese voorstellings daarvan (Dumbrill 2000:255).

Daar was moontlik 'n wye verskeidenheid en tipes liere gewees. Die liere wat gebruik was deur die antieke Hebreërs het gewissel in grootte asook die hoeveelheid snare het verskil (Sendrey & Norton 1964:115). Volgens Josefus was daar tien snare en volgens Hieronimus was daar ses (Braun 2002:18). Die minimum snare op die instrument was drie en die maksimum snare was twaalf (Werner 1962:474-475). Die dikte van die snare van die lier het gewissel om 'n helder klank, 'n singende toon of 'n dieper gonsende klank voort te bring (Sendrey & Norton 1964:115).

Die vroegste vorm van liere is direk afkomstig van die oorspronklike harpe wat 'n boogvorm het. Figuur 13 illustreer hoe die lier van die harp afstam:

⁷ Keel (1997:346)




Figuur 13⁸ – Boogharp, geboë harp en ewolusie ondergaan in die geboë lier

Dit is duidelik dat die lier van die harp verskil deur die plasing van die snare. Die snare van die lier het 'n 90° hoek met die snare van die harp. Die 90° verskuiwing van die snare was die resultaat van 'n juk wat aan die boog vas was (Dumbrill 2000:242).

In Mesopotamië en die ooskus van die Mediterreense gebied dateer die lier terug tot en met prehistoriese tye. Die lier was bespeel met die vingers of met 'n plektrum. Omdat dit die musiekinstrument van die aristokrasie was, was dit soms gemaak van ivoor of silwer (Werner 1962:474-475).


Volgens Stainer (1914:16) was Josefus reg deur te sê dat die $\rho\omega\lambda\kappa$ met 'n plektrum ($\rho\lambda\eta\kappa\tau\rho\nu$) bespeel was of klein gedeeltes van been of ivoor wat eerder gebruik was in plaas van die vingerpunte.



Figuur 14⁹ – 'n Lierspeelster wat die lier met 'n plektrum bespeel

⁸ Dumbrill (2000:241)

Volgens Werner (1962:474-475) was hierdie instrument die instrument wat deur Dawid en die Leviete bespeel is en is dit as die mees edele instrument van al die musiekinstrumente beskou. Die speler hou dit horisontaal voor hom vas terwyl die basis van die instrument teen sy bors lê of in 'n regop posisie onder die arm gehou word. Daar is egter geen twyfel dat die Hebreeuse lier op dieselfde manier gespeel is nie (Sendrey & Norton 1964:114)



Figuur 15¹⁰ – 'n Lierspeelster wat die lier regop bespeel

Daar is reeds in die vorige hoofstuk uitgewys watter tipe liedere die psalms was en watter rol die onderskeie musiekinstrumente gespeel het in die psalms. Die lier was onder andere gebruik om liedere van danksegging te begelei. Danksegging is gebring wanneer oorloë gewen is en die soldate Jahwe geprys en geloof het. Ook tydens feeste van danksegging oor Jahwe se magtige daade is die lier gebruik om die feeste op te helder. Figuur 16 kan as 'n voorbeeld dien waar die lier gebruik is om danksegging te bring vir 'n godheid. Psalms 43:4, 57:8-9 en 71:22 is voorbeelde van psalms waar danksegging aan Jahwe gebring word. Ook in Psalm 33:2 word Jahwe gedank omdat Hy die Skepper en Heerser is.

⁹ Stainer (1914:16)

¹⁰ Stainer (1914:17)



Figuur 16¹¹ – ‘n Lierspeler speel op die lier uit dankbaarheid vir ‘n godheid

Psalm 43:4 – “...dat ek kan ingaan na die altaar van God, na die God van my jubelende blydskap en U kan loof met die lier, o God, my God!” Figuur 17 dien as voorbeeld vir Psalm 43:4.



Figuur 17¹² – ‘n Nomade wat ‘n lier bespeel

Figuur 17 is ‘n welbekende illustrasie van ‘n nomade in een van die grafte by Beni Hasan ongeveer die 20ste eeu v.C. en verskaf een van die vroegste voorstellings van die lier (Keel 1997:346).

¹¹ Keel (1997:349)

¹² Keel (1997:347)

In Psalm 137:2 was die volk so moedeloos en hartseer omdat hulle in ballingskap was dat hulle die lier wat altyd vir hulle vreugde verskaf het, aan die wilgerbome langs die kanale opgehang het. Figuur 18 kan dien as voorbeeld vir Psalm 137:2.



Figuur 18¹³ – ‘n Assiriër wat gevangenes begelei wat liere bespeel

Kunstenaars het die liere pragtig versier en met baie inisiatief gemaak. By latere vorms van die lier is die simmetriese vorm meer verander na ‘n asimmetriese vorm (Werner 1962:475). Sommige voorstellings van die lier wys duidelik daarop dat verskillende liere saam bespeel is. Ikonografiese voorstellings toon dat ‘n simmetriese, sowel as ‘n asimmetriese lier saam bespeel is (Dumbrill 2000:300).



Figuur 19¹⁴ – Musikante bespeel die tamboeryn, die asimmetriese en die simmetriese lier en ‘n tipe fluit

¹³ Keel (1997:348)

¹⁴ Dumbrill (2000:300)



Figuur 20¹⁵ – ‘n Assiriese militêre orkes met die tamboeryn, simmetriese sowel as asimmetriese liere en simbale



Figuur 21¹⁶ – Nog ‘n voorstelling van ‘n asimmetriese lier




Figuur 22¹⁷ – Groot draagbare asimmetriese liere

¹⁵ Keel (1997:338)

¹⁶ Dumbrill (2000:277)

¹⁷ Dumbrill (2000:281)



Figuur 23¹⁸ – ‘n Semitiese lierspeler

Figuur 23 is ‘n voorstelling van ‘n beeldjie wat uit ivoor gemaak is en wat naby Megiddo gevind is ongeveer die 13de eeu v.C.

Dit is nogal merkwaardig hoe baie voorstellings daar van die lier gevind is en hoe baie ver terug hierdie instrument dateer (selfs prehistoriese tye). Die lier was definitief ‘n baie bekende instrument in die Bybelse tyd.

3.3 Harp (לבן)

Die harp kom 8 keer in die Psalmbundel voor en word aangetref in die volgende psalms: Psalms 33:2; 57:9; 71:22; 81:3; 92:4; 108:3; 144:9 en 150:3. Die etimologie van לבן is twyfelagtig omdat die stam verskillend gevokaliseer word, naamlik as לב, נ« of לב'נ' (Braun 2002:22). Die Hebreeuse en Akkadiese betekenis van לב'נ' kan beteken “om te verbaster; ritueel onrein te wees; asook boos” sowel as “vlam” (Braun 2002:22).

Braun (2002:22) wys daarop dat die woord לב, נ« “houer, leersak of houer vir vloeistof, snaarinstrument” kan beteken.

Die term לב, נ« word 28 keer in die Ou Testament aangetref en word 22 keer geassosieer met die term רנכ. In die Psalmbundel word רנכ en לב, נ« sewe

¹⁸ Sendrey & Norton (1964:133)

keer met mekaar geassosieer. Dit wil voorkom asof hierdie twee instrumente goed saamgewerk het wanneer daar musiek gemaak is.


Die snare van die $\text{lb}, \text{n}\ll$ was gemaak van 'n skaap se dikderm en die rwnk se snare was gemaak van die dunderm (Braun 2002:23). Braun (2002:23) wys op 'n belangrike punt wat gemaak is in verband met reinheid ten opsigte van die instrumente bespeel deur Leviëte en vroue: die instrumente van die Leviëte was rein en dus bruikbaar in die erediens, terwyl dié van die vroue onrein was.

Werner (1962:475) wys op Josefus wat die $\text{lb}, \text{n}\ll$ as 'n snaarinstrument met twaalf snare beskou. Baie verskillende interpretasies is gebied oor watter instrument die $\text{lb}, \text{n}\ll$ kon wees. Die meeste geleerdes verstaan dit as die harp (Sachs 1940:115-117). Braun (2002:24) wys ook daarop dat omdat die harp dikker snare gehad het, het dit beslis 'n dieper klank gehad as die rwnk en is dit sonder 'n plektrum bespeel. As gevolg van die dikker snare het hierdie instrument moontlik gedien as tenoor- of basinstrument in die orkes van die tweede tempel (aan die einde van die sesde eeu v.C.) (Braun 2002:24). Die karakter (ten opsigte van klank) van die harp was van 'n beter gehalte as die van die lier as 'n mens die toonaard en toonhoogte in ag neem (Stainer 1914:28). Alhoewel die harp groter was en 'n laer toonhoogte as die lier gehad het, kon daar ook 'n kleiner harp en groter lier bestaan het (Sendrey & Norton 1964:116).

In Psalm 92:4 word daar ook gepraat van 'n tiensnarige ($\text{r}/\text{c} [;]$) harp en in Psalm 71:22 kan die $\text{lb}, \text{n}\ll$ $\text{Ayl i k}] \text{bi}$ verstaan word as verskillende tipes van snaarinstrumente (Braun 2002:24). Die $\text{r}/\text{c} [;]$ hierbo genoem verskyn slegs drie keer in die Ou Testament, naamlik in Psalms 33; 92 en 144 (Sendrey & Norton 1964:117).

Die harp is die oudste vorm van snaarinstrument en het sy oorsprong moontlik by die boogskutter se boog gehad (Dumbrill 2000:177). Die funksie van die instrument het grootliks 'n religieuse of liturgiese karakter gehad en slegs drie gedeeltes klassifiseer dat dit 'n sekulêre funksie gehad het (Werner 1962:475). Die harp was, net soos die lier, 'n instrument van die aristokratiese hiërargie en daarom was dit dikwels gemaak van

duursame hout¹⁹ en metale (vgl. 1 Konings 10:12 en 2 Kronieke 9:11) (Werner 1962:475). Die harp het gewissel in grootte want dit was soms gedra in optogte (Stainer 1914:36).



Figuur 24²⁰ - 'n Voorbeeld van 'n baie vroeë tipe harp

Die instrument wat in figuur 24 gewys word, is 'n baie vroeë tipe harp en wat baie interessant is, is dat die harp soos 'n boog lyk (Stainer 1914:40).

Die harp was volgens Werner (1962:475) 'n gunsteling instrument van die Egiptenare en was algemeen bekend in die Ou Nabye Ooste. Die Bybel noem nie die לָבֶנֶת tot laat in die tyd van Samuel nie en volgens Sendrey en Norton (1964:116) is dit moontlik dat die Hebreërs nie van Egipte die vertikale geboë harp wat in die howe bespeel is, oorgeneem het nie. Volgens Sendrey en Norton (1964:116) het die Hebreërs eerder die vertikale, hoekige harp van die naburige Fenisiërs gedurende hulle vroeë jare in Kanaän oorgeneem.



¹⁹ Dennehout of sandelhout van Indië

²⁰ Stainer (1914:40)

Figuur 25²¹ – ‘n Voorbeeld van ‘n hoekige, vertikale harp



Figuur 26²² – ‘n Hoekige, vertikale harp

Die groot Assiriese harp (figuur 26) het gekulmineer in die sewende eeu v.C. Hierdie instrument word geassosieer met die militêre en daar is geen bewyse dat hierdie instrument deur vrouens bespeel is nie (Dumbrill 2000:223).



Figuur 27²³ – ‘n Hoekige, horisontale harp

Dumbrill (2000:204) wys op die tassels in figuur 27. Hierdie tassels is gebruik om die harp te stem en die speler kon ‘n band dra om die harp in posisie te hou. Hy wys ook op

²¹ Dumbrill (2000:213)

²² Dumbrill (2000:223)

²³ Dumbrill (2000:204)

die plektrums by verskeie Assiriese modelle wat eerder stokkies was as plektrums. Figuur 27 se harpspelers het ook stokkies in hulle hande.




Figuur 28²⁴ – ‘n Hoekige, vertikale harp

Figuur 28 is een van die illustrasies wat die meeste opgeneem is in die Ou Babiloniese periode. Die subjek wat geïllustreer word, is die hoekige vertikale harp soos hier in figuur 28. In al die gevalle wat uitgebeeld is, sit die harpspeler op ‘n draagbare stoel (Dumbrill 2000:207-208).


Hieronimus, Cassiodoris en Isidoris het aangevoer dat die *lyra*, nê ‘n eenvoudige vorm van harp was en hulle beskryf dat dit ‘n driehoekige vorm gehad het (Stainer 1914:29). Die instrument het egter voortdurend verbeter oor die tyd en omrede die term so laat vir die eerste keer in die Bybel genoem is, veronderstel dit volgens Stainer (1914:29) dat dit van ‘n hoër ontwikkelde konstruksie as die eenvoudige vorm was. In meeste gevalle van die antieke harp was die snare gewoonlik in die teenoorgestelde rigting as die harpspeler (Sendrey & Norton 1964:117). Wat die struktuur van die harp betref, was dit een van die eenvoudigste snaarinstrumente (Dumbrill 2000:178).

Figuur 29 is ‘n negerharp wat waarskynlik baie antiek is en het tot vandag nog presies dieselfde vorm (Stainer 1914:41).

²⁴ Dumbrill (2000:207)



Figuur 29²⁵ – ‘n Geboë harp



Figuur 30²⁶ – ‘n Medium geboë monostrukturele harp

In figuur 30 speel die harpspeler die harp regshandig en die vrou dra ‘n mooi geplooides rok met ‘n belt om haar middel. Haar arms is gevou op so ‘n manier dat dit voorkom asof sy dans op die maat van die harp se musiek (Dumbrill 2000:189).



Figuur 31²⁷ – ‘n Medium geboë monostrukturele harp

²⁵ Stainer (1914:41)

²⁶ Dumbrill (2000:189)

²⁷ Dumbrill (2000:192)

Figuur 31 is een van die laaste monostrukturele illustrasies wat die periode waarin dit voorgekom het, oorleef het. Volgens Dumbrill (2000:192) is die verlengde gedeelte van die harp moontlik oorgeneem van ander lande.

Die harp speel, net soos die lier, ook 'n baie belangrike rol in die Psalmbundel en dit help nogal baie om te weet hoe dit gewerk en gelyk het. Saam met die lier was dit 'n algemene musiekinstrument in die Psalmbundel en dit word afgelei vanuit die hoeveelheid kere wat die lier en die harp aangetref word in die Psalmbundel.

3.4 Ramshoring (רַפְּוֹו)

Dumbrill (2000:391) vermeld dat blaasinstrumente voor snaarinstrumente ontstaan het en dat dit slaginstrumente opgevolg het.

Die רַפְּוֹו was die Joodse rituele instrument by uitstek. Volgens Werner (1962:474) kan רַפְּוֹו vertaal word met “ramshoring”, “trompet”, “kornet” en “horing”. Die רַפְּוֹו as instrument word herhaaldelik genoem in die Bybel en Braun (2002:26) wys daarop dat dit 74 keer in die Ou Testament genoem word. In 69 van hierdie 74 keer wat dit voorkom in die Ou Testament is die רַפְּוֹו as 'n solo-instrument gebruik wat sy unieke posisie in die Bybelse wêreld van klank reflekteer (Braun 2002:28). In die Psalmbundel kom die רַפְּוֹו slegs vier keer voor, naamlik in Psalms 47:6; 81:4; 98:6 en 150:3. In die Psalmbundel word die רַפְּוֹו twee keer as solo-instrument gebruik. Volgens Braun (2002:26) het die Septuagint en die Vulgaat dit verkeerd verstaan en dit verkeerd vertaal as **salpigx** en as **tuba**; ongelukkig het die moderne weergawes wat gevolg het, dit ook verkeerd vertaal.

Werner (1962:474) wys daarop dat volgens Josua 6:4, 6, 8 en 13 die רַפְּוֹו 'n ramshoring was, maar by die tweede tempel was die horing van 'n ibeks of 'n wildsbok gebruik. Die sinagoge het egter die ramshoring uitsluitlik gebruik omdat die ram die offerdier was wat Isak op die altaar vervang het (Werner 1962:474). Volgens Sendrey en Norton (1964:124) het die Hebreërs die רַפְּוֹו of ramshoring oorgeneem van die

Assiriërs. Hulle wys op die woord רַפְּוֹוֹ wat ook moontlik oorgeneem is van die Assiriese *shapparu*²⁸.

Braun (2002:27) het inligting verkry vanuit die Talmoed asook verskeie Qumran- geskrifte. Hy kon aflei dat daar twee vorme van die רַפְּוֹוֹ gebruik was, naamlik: a) 'n Reguit of liniêre horing tydens nuwejaar waarvan die mondstuk (piyah) met goud bedek was en b) 'n gedraaide horing met 'n randjie van silwer op die vasdag. Sendrey en Norton (1964:124) vermeld ook dat by die tweede tempel reguit en gekrulde ramshorings gebruik is.

In Rabbynse tye tydens nuwejaar het daar twee priesters langs die blaser van die ramshoring gestaan en hulle het op silwer trompette gespeel (Sendrey & Norton 1964:124). Hulle wys ook daarop dat hierdie ramshoring dan 'n lang noot geblaas het en die twee silwer trompette slegs kort note. Dit was so omdat die klem van die dag op die ramshoring geval het. Tydens die vasdag het die rolle van die instrumente omgeruil en het die ramshoring 'n kort noot gespeel en die twee silwer trompette die lang noot.

Illustrasies van die Romeinse periode wys op 'n afsonderlike mondstuk. Braun (2002:27) wys ook daarop dat daar met sorgvuldigheid te werk gegaan is wanneer die mondstuk gemaak is, want die רַפְּוֹוֹ moes sy oorspronklike klank behou het.

Die רַפְּוֹוֹ is spesifiek belangrik omdat dit die enigste Hebreeuse instrument is wat steeds by verskeie geleenthede vandag gebruik word (Stainer 1914:156). Sendrey en Norton (1964:124) sê ook dat die ramshoring by verskeie liturgiese aangeleenthede vandag nog gebruik word.

Dit is eers tydens die Romeinse periode dat daar enige ikonografiese getuïenis van die רַפְּוֹוֹ in die Israelities-Judese konteks na vore gekom het (Braun 2002:27).


Ikonografiese getuïenis, met voorbeelde van Mari, gaan so ver terug as die 18de eeu v.C. en Karkemis tot by die 9de eeu v.C. (Braun 2002:27).

²⁸ Dit beteken "Wildsbok"



Figuur 32²⁹ – Hierdie voorbeeld van die ramshoring is van Mari afkomstig en dateer die 18de eeu v.C.

Figuur 32 kan dien as voorbeeld vir Psalm 47:6 – “*God vaar op met gejuig, die Here met die ramshoring.*”



Figuur 33³⁰ – Nog ‘n voorbeeld van die ramshoring van Karkemis en dateer die 9de eeu v.C.

Figuur 33 kan dien as voorbeeld vir Psalm 81:4 – “*Blaas die ramshoring op nuwemaan, op volmaan vir ons feesdag.*”

Dit is amper onmoontlik om die רַשְׁׁמִי as ‘n musiekinstrument te beskou (Werner 1962:474). Die ramshoring kan gewoonlik net twee harmoniese klanke produseer (Larrick 1990:63). Dit is ook dus selde saam met ander instrumente gebruik omdat die eintlike funksie daarvan was om geraas te maak: of dit nou ‘n aardse of ‘n eskatologiese

²⁹ Keel (1997:342)

³⁰ Keel (1997:341)

karakter gehad het. Die primitiewe $\text{r}^{\text{p}}\text{w}^{\text{v}}$ was gemaak deur die punt van die horing af te sny of om 'n gaatjie in die punt te boor. Sendrey en Norton (1964:124) vermeld ook dat daar geen mondstuk aan hierdie $\text{r}^{\text{p}}\text{w}^{\text{v}}$ was nie en dit kon slegs kort note speel.

Hulle wys ook dat 'n $\text{r}^{\text{p}}\text{w}^{\text{v}}$ met 'n mondstuk 'n meer ontwikkelde tipe ramshoring is, maar nie eers met 'n mondstuk aangeheg kon die ramshoring meer as drie harmoniese klanke produseer nie.

Ramshorings is gebruik om waarskuwings, aankondigings of seine aan te dui. Volgens (Dumbrill 2000:391) is die ramshoring ook gebruik as kommunikasie-middel tydens oorlog. Volgens Sendrey en Norton (1964:125) is die ramshoring vroeg in die oggende gebruik, maar geleidelik het dit verskuif na 'n later tyd. Die instrument is ook gebruik deur Gideon, Saul en soldate om mense op te roep teen hulle vyande (Stainer 1914:155). Volgens Werner (1962:474) was die ramshoring duidelik 'n aankondigingsinstrument. Dit het egter nie net oorlog aangekondig nie, maar ook vrede. Hy vermeld dat die ramshoring in rituele gebruik die geroep van die menigte aan God oorgedra het. Braun (2002:27) wys ook daarop dat die ramshoring gesien is as 'n simbool van nasionale en etniese identiteit en was in staat om in beide kultiese en sekulêre kontekste te funksioneer. Hy sê ook dat in kultiese kontekste dit as 'n voorbode van transendente krag³¹, op die dag van boetedoening, by die fees van die nuwe maan³² en op die dag van berou verskyn het. By sekulêre kontekste vergesel dit die oordrag van die ark, betrokkenheid in oorlog en die viering van oorwinnings.

Na die val van die tempel en die algemene verbanning van alle musiekinstrumente, was die ramshoring die enigste wat oorleef het, net omdat dit nie 'n musiekinstrument was nie (Werner 1962:474). Die ramshoring is gewoonlik deur die Leviete gebruik. Werner (1962:474) wys dat volgens tradisie daar slegs drie soorte aankondigings met beskrywings was wat deur die ramshoring aangekondig is:

Die beskrywings is soos volg:

- a. $\text{h} [\text{y}^{\text{q}}\text{t}]$ (om te stoot of te slaan)
- b. $\text{h} [\text{w}^{\text{r}}\text{t}]$ (om 'n geraas of alarm te maak)

³¹ Psalm 47:6

³² Psalm 81:3

c. $\mu\gamma\rho\beta\nu$ (om te breek of aanduiding van 'n staccato of tremolo klank).

In musikale notasie sal hierdie aankondigings of seine soos volg lyk (Werner 1962:474):

The image shows musical notation for 'Tiqi'á' and 'Shebhārim' in staff notation. The first staff shows 'Tiqi'á' and 'Shebhārim' with a treble clef and a key signature of one sharp (F#). The second staff shows 'Tiqi'á' with a forte dynamic marking (f) and a treble clef. The third staff is labeled 'Oriental Jews:' and shows 'Tiqi'á' with a treble clef and a key signature of one sharp. The fourth staff shows 'Shebhārim' with a treble clef and a key signature of one sharp. The fifth staff shows 'Tiqi'á' with a forte dynamic marking (f) and a treble clef.

Figuur 34 – Musikale notasie



Figuur 35³³ – Voorbeelde van moderne ramshorings

3.5 Tamboeryn (¹ 𐤕)

Die ¹ 𐤕 verskyn 16 keer in die Ou Testament en kom slegs vier keer voor in die Psalmbundel, naamlik in Psalms 68:26; 81:3; 149:3 en 150:4. Die Ugaritiese stam *tp* beteken “drom” en word toegeskryf aan die veertiende eeu v.C. (Braun 2002:29). Hy

³³ Stainer (1914:55)

vermeld dat die interpretasie van ¹ 𐤛 definitief ‘n drom is in al die kere wat dit in die Ou Testament voorkom. Die term ¹ 𐤛 kan vertaal word met “tamboeryn” en was ‘n tipiese vroulike instrument (Werner 1962:474). In die Psalmbundel is daar een voorbeeld waar vroue genoem word wat die tamboeryn bespeel het en dit is in Psalm 68:26. Braun (2002:29) wys daarop dat die ¹ 𐤛 nie slegs ‘n vroulike instrument was nie omdat dit deur beide mans en vroue bespeel is wanneer daar ander instrumente by was. Dit is egter deur vroue as ‘n solo-instrument bespeel.

Braun (2002:29) wys ook daarop dat die ¹ 𐤛 nooit in verband gebring word met tempelmusiek nie alhoewel dit gekoppel word aan kultiese danse, kultiese liederes³⁴ wat gesing is, feesdae³⁵ wat gevier is en optogte³⁶ wat gereël is. Braun (2002:29) beskryf die kultiese optogte soos volg, naamlik: die sangers het voor geloop, en dan het die vroulike tamboerynspeelsters gevolg met die ander orkeslede agterna.



Figuur 36³⁷ – ‘n Voorstelling van ‘n kultiese optog

³⁴ Psalms 149:3 en 150:4 is voorbeelde van hierdie kultiese liederes

³⁵ Psalm 81:3

³⁶ Psalm 68:26

³⁷ Keel (1997:337)


Die Ou Testament vermeld nooit werklik inligting oor die grootte of vorm van hierdie tipe drom of tamboeryn nie. Moderne interpreteerders stem oor die algemeen saam dat dit 'n drom was wat rond was en gemaak van hout en dit was ongeveer 25-30 cm lank en stem ooreen met wat ons vandag 'n tamboeryn sal noem (Braun 2002:30). Die ¹ 𐤛 het nie metaal gerinkel aan die kante gehad soos die moderne tamboeryn vandag nie.

Sendrey en Norton (1964:129) meen dat 'n mens kan veronderstel dat die Hebreuse ¹ 𐤛 oor die algemeen bestaan het uit 'n hout of metaalring wat met vel van 'n ram of wildsbok oorgetrek was. Hulle vermeld dat die instrument moontlik met die vingers of met 'n gebalde vuus bespeel is en dat daar nêrens in die Bybel tekens daarvan is dat die musiek-instrument met stokkies bespeel is nie.

By ander kulture word die drom geassosieer met die vrou, met ander woorde die seksuele. Die drom word ook in die Ou Testament gekoppel aan seksuele simboliek (Braun 2002:30). Werner (1962:474) wys ook daarop dat omdat daar so 'n sterk vroulike simboliek aan die instrument gekoppel word, die instrument ook baie populêr by vrugbaarheidsrites was.

¹ 𐤛 veronderstel ook die klank wat die instrument maak (Sendrey & Norton 1964:129). Die doel van slaginstrumente is om ritme te beklemtoon. Musikale ritme is in die mens ingewef en is afkomstig van die moeder se hartklop (Dumbrill 2000:412).

Die term ¹ 𐤛 kom van die Sumeriërs deur middel van die Assiriërs (Sendrey & Norton 1964:129). Volgens Stainer (1914:182) het verskeie volke dromme van verskillende soorte gehad, maar ook van verskillende groottes. Die ¹ 𐤛 was een van die mees primitiewe instrumente en was een van die mees algemene instrumente van Ou Israel en maklik bespeel deur enigiemand (Sendrey & Norton 1964:130).




Figuur 37³⁸Figuur 38³⁹

Figure 37 en 38 is voorstellings van beeldjies van twee tamboerynspeelsters. Figuur 20 in die bespreking van die lier is ook ‘n voorbeeld van die tamboeryn.

Figuur 39⁴⁰ – Voorbeelde van verskillende tipes tamboeryne

In figuur 39 is daar twee tipes tamboeryne. In Egipte het daar ook vierkantige of langwerpige tamboeryne voorgekom.

Figuur 40⁴¹ – ‘n Illustrasie van tamboerynspeelsters

Figuur 40 kan dien as voorbeeld vir Psalm 149:3 – *“Laat hulle sy Naam loof in koordans, Hom psalmsing met **tamboeryn** en lier.”*

In die Psalmbundel is daar nie een keer wat die tamboeryn alleen voorkom as solo-instrument nie. In al die verse waar die tamboeryn aangetref word, word dit saam met

³⁸ Keel (1997:339)

³⁹ Keel (1997:339)

⁴⁰ Stainer (1914:183)

⁴¹ Keel (1997:338)

ander instrumente genoem. Die tamboeryn is ‘n instrument wat ritme hou en daarom is dit gewoonlik saam met ander instrumente bespeel.

3.6 Trompet (ṭwrxxj)

Die term verskyn 31 keer in die Ou Testament. Van hierdie 31 keer verskyn hierdie instrument slegs een keer in die Psalmbundel, naamlik in Psalm 98:6. Dit word volgens Stainer (1914:157) in verband gebring met die רפֿוֹו wat ook genoem word. Psalm 98:6 – “...met *trompette* en ramshoring; juig voor die aangesig van die Koning, die Here!”

Die term ḥrxwxj is moontlik afkomstig van ‘n stam wat beteken “om te skreeu of te lui” (Braun 2002:14). Hierdie instrument was volgens Werner (1962:472) by uitstek die instrument van die priesters. Hy wys ook daarop dat die trompet van die begin af in pare voorgekom het en by spesiale geleenthede het daar tot en met 120 trompette voorgekom. Die funksie van die ḥrxwxj is soortgelyk aan die van die רפֿוֹו maar nie identies nie.

Indien die bespreking van die רפֿוֹו herroep word, was daar twee geleenthede waartydens die רפֿוֹו en die ḥrxwxj saam bespeel is en dit is tydens nuwejaar en tydens die vasdag. Tydens nuwejaar was die רפֿוֹו die meer prominente instrument wat ‘n lang noot gespeel het en die trompette ‘n kort noot en tydens die vasdag het die trompette die lang note gespeel en die רפֿוֹו die kort noot. Die instrumente het dus albei hulle rol gespeel by hierdie dae en soos reeds genoem is, is hierdie trompette deur die priesters bespeel.


Volgens Braun (2002:15) is dit eers na die ballingskap wat die trompet ‘n kultiese en priesterlike instrument geword het. Braun (2002:15) vermeld dat die trompet of ḥrxwxj die enigste instrument is waarvan die Ou Testament baie inligting verskaf wat beide konstruksie en materiaal betref. Die konstruksie en klank van die Hebreeuse trompet was basies die van vandag se natuurlike trompet, behalwe dat die Bybelse instrument nie gedraai was nie, dit was soms verbind by verskeie plekke en het dikwels

uitmekaar geval (Sendrey & Norton 1964:122). Hierdie instrument was gemaak van metaal⁴², bene en skulpe. Die toonhoogte van die trompet moes hoog en skerp gewees het, omdat die lugkolom nie heeltemal twee voet in lengte was nie (Werner 1962:472). Later het daar 'n mondstuk bygekom waarmee die trompet geblaas is. Die instrument was oor die algemeen 'n reguit trompet met 'n klokkie (Stainer 1914:157).

Hierdie instrument was ook in baie verskillende situasies gebruik soos byvoorbeeld die kultus en die oorlog (Braun 2002:15). Die $\text{h r} \times \text{w} \times \text{j}$ was duidelik 'n kultiese instrument en 'n simbool van die geïnstitusioneerde, sakrale-sekulêre en outokratiese mag van die tweede tempel, terwyl die r p w v 'n instrument was wat geassosieer is met die magiese en mistiese fenomene van teofanie (Braun 2002:16). Sendrey en Norton (1964:123) vermeld dat die trompet se oorspronklike doel was om God se aandag te verkry. Die Egiptiese trompet was primêr gebruik as 'n waarskuwingsinstrument waarmee seine uitgestuur is (Sendrey & Norton 1964:123). Die rituele aankondiging van die Sabbat het ook weerklink deur die trompet vanaf die tempel se dak, sodat die werkers in die veld die aankondiging kon hoor. Sendrey en Norton (1964:123) wys daarop dat die trompet geblaas is by alle rituele feeste, by nuwe maan, asook tydens brandoffers, vredesoffers, sowel as belangrike rituele seremonies.

Die trompet is die enigste Hebreeuse instrument waarvan daar ten minste een kon-temporêre illustrasie is (Sendrey & Norton 1964:122). Die Boog van Triomf wat Keiser Titus opgerig het in Rome na die verwoesting van Jerusalem wys twee silwer trompette wat die beeldhouer van die oorspronklikes moes gekopieër het (Sendrey & Norton 1964:122).

⁴² Brons, koper, silwer en goud



Figuur 41⁴³ – Voorstelling van die Boog van Triomf met twee silwer trompette van Keiser Titus

Silwer trompette is nog altyd geassosieer met waardigheid en vernaamheid (Figuur 41) (Stainer 1914:159).




Figuur 42⁴⁴ – ‘n Voorbeeld van ‘n reguit trompet

Die Israeliete het die trompet gemaak van modelle wat hulle van Egipte af oorgeneem het en ikonografie wat ontdek is in monumente dateer so vroeg as 1415 v.C. (Sendrey & Norton 1964:121). Die metaaltrompet was moontlik aan Israel bekendgestel deur Egipte in die vroeë monargiese periode (Keel 1997:343).

⁴³ Keel (1997:343)

⁴⁴ Stainer (1914:161)



Figuur 43⁴⁵ – ‘n Voorstelling van ‘n metaaltrompet

3.7 Fluit (בגװ [)

Die בגװ [kom slegs vier keer in die Ou Testament voor en daarvan slegs 1 keer in die Psalmbundel, naamlik Psalm 150:4. Hierdie instrument se identiteit is een van die wat baie betwyfel is en daar is nog baie onsekerheid oor die term (Braun 2002:31). Werner (1962:471) vermeld dat die woord met “pyp” vertaal kan word en dat die woord verband hou met die stam בג [wat beteken “om lief te hê”. Hy wys ook dat die term in die Targoom met *aboba* (‘n pyp met ‘n skel geluid of ‘n fluit) vertaal word. Die Rabbynse identifisering met die *aboba*, die fluit van die Siriese *bayaderes*, beklemtoon die erotiese elemente wat alreeds in die Hebreeuse naam gesuggereer word. Die instrument was gewoonlik van riet, hout of been gemaak, en was baie primitief net soos die toon daarvan “plat” was (Werner 1962:471).


In die Psalmbundel verskyn die בגװ [saam met die ¹ ט en koordanse (Braun 2002:32). Braun (2002:32) wys daarop dat die term בגװ [‘n wye verskeidenheid van verklarings het en dat sommige navorsers soos Werner dit slegs beskou as ‘n simboliese instrument en ander beskou dit weer as ‘n blaasinstrument. Sachs (1940:106) vermeld dat hierdie moontlik ‘n fluitagtige instrument kan wees, omdat fluite soms met die erotiese en liefde in verband gebring kan word.

⁴⁵ Keel (1997:343)

Die *ḥḡw* [was ‘n sekulêre instrument gewees en word nooit in die orkes van die tempel gelys nie; slegs in Psalm 150:4 word dit op ‘n religieuse manier beskryf (Werner 1962:474). Sendrey en Norton (1964:118) vermeld ook dat geen pype in die eerste tempel gebruik is nie, omdat dit nie onder die instrumente is wat genoem word by Dawid se vasstelling van die sakrale musikale diens nie. Hulle wys egter daarop dat beide Rabbynse en Bybelse verwysings pype se gebruik in die vroeë ritueel bevestig het.

Dit is baie opvallend dat hierdie instrument slegs in Psalm 150:4 van die Psalmbundel voorkom. Die orkes is meer uitgebreid, want ‘n fluit is gewoonlik ‘n melodieuse instrument met ‘n sagte vloeiende klank. Anderson (1972:956) vermeld dat die fluit meestal by sekulêre geleenthede gebruik is; slegs in Psalm 150 word dit gebruik in ‘n religieuse milieu.

Illustrasies en ikonografie van die fluit wys daarop dat dit ‘n langwerpige instrument was en met beide hande vasgehou was om die verskeie note te kon speel en dan is daar met die mond geblaas om die klank te produseer.



Figuur 44⁴⁶ – ‘n Fluitspeler begelei ‘n sanger met die fluit

Keel (1997:344) gebruik figuur 44 as ‘n voorbeeld vir Psalm 150:4. Keel (1997:344) vermeld dat hierdie *ḥḡw* [of pypinstrument ‘n baie antieke instrument was. Die fluit of *ḥḡw* [kan herlei word na Egipte vanaf die periode van die Ou Koninkryk. Figuur 44 dien as ‘n voorstelling van die elegante musikale lewe wat in antieke Egipte voorgekom het. Volgens Keel (1997:345) is die persoon langs die fluitspeler ‘n sanger en hy is besig

⁴⁶ Keel (1997:344)

om tyd te hou vir die fluitspeler. Hy wys ook daarop dat die persoon sy hand op sy oor hou om beter resonansie te verkry sodat hy beter kontrole oor sy eie stem kan uitoefen.



Figuur 45⁴⁷ – ‘n Fluitspeler

Figuur 45 illustreer ‘n Egiptenaar wat besig is om op ‘n fluit te speel. Stainer (1914:99) wys op die houding van die fluitspeler en vermeld dat dit nie baie gemaklik kan wees om ‘n fluit in die posisie te bespeel nie.

3.8 Simbale (𐎎𐎃𐎗𐎗𐎏)

Tsiltselim verskyn twee keer in die psalmbundel, naamlik in Psalm 150:5. Dit is die enigste keer wat dit in die Psalmbundel verskyn. Hier in Psalm 150:5 verskyn daar twee soorte 𐎎𐎃𐎗𐎗𐎏 (simbale), naamlik helder simbale en klinkende simbale.

Braun vermeld dat die 𐎎𐎃𐎗𐎗𐎏 altyd in verband gebring word met massiewe kultiese gebeure waarvan die sinkretistiese kenmerke vanuit die heidense verlede kom. In Psalm 150 is daar twee soorte simbale, naamlik [mṽAylxlxḅ en h [wrt ylxlxḅ. Daar word 'n onderskeid getref tussen hierdie twee simbale in Psalm 150. Die eerste 𐎎𐎃𐎗𐎗𐎏 is helder simbale wat gehoor kan word. Die werkwoord [mṽ bevestig dat hierdie simbale gehoor kan word. Die tweede 𐎎𐎃𐎗𐎗𐎏 kan vertaal word as galmende simbale of simbale wat 'n geraas maak. Die woord h [wrt (om geraas te maak) bevestig die klassifikasie. Volgens C. Sachs, verwys die onderskeiding na beide die vorm van die instrument en na die manier waarop dit vasgehou was, horisontaal of

⁴⁷ Stainer (1914:99)

vertikaal (Werner 1962:470). Die woord simbaal beskryf die vorm van die instrument ten volle, want die Engelse woord ‘*cymbal*’ kom direk van die Griekse **kuymbalon** (*cymbalum*), wat weer van **kumbo~** (*cymbus*) afstam, wat beteken “‘n hol plaat of bak” (Stainer 1914:166). Werner wys ook daarop dat hierdie instrument ‘n musikale funksie gehad het en dat dit nie gebruik was, soos die $\text{r}\rho\omega\upsilon$ en die $\text{h}\rho\chi\omega\chi\eta$, as aankondigingsinstrument nie.

Braun (2002:21) vermeld dat die $\mu\gamma\lambda\chi\lambda\chi$ ‘n meer heidense verlate het. Daar is ‘n wye verskeidenheid van argeologiese getuies van simbale. Braun (2002:21) wys dat daar ten minste 28 simbale in twee verskillende groottes by hierdie vondse ingesluit is en dit kom van veertien verskillende stede in Kanaän, Ou Israel en Palestina. Die twee verskillende simbaaltipes wat argeologies ontdek is, kan moontlik ooreenstem met die wat in Psalm 150 genoem word. Die twee simbaaltipes kan chronologies groepeer word, naamlik die eerste vanaf die laat Kanaänitiese periode tussen die 14de en 12de eeue v.C. en die tweede vanaf die Hellenistiese-Romeinse periode (Braun 2002:21).

Die simboliek wat gekoppel word aan simbale het gedurende die volgende eeue die Hellenistiese idee gehad dat die instrument as indikatief van die jeug beskou is (Braun 2002:21). Volgens Braun het Klemens van Aleksandrië die instrument geïnterpreteer as voorstelling van menslike lippe en as ‘n *corpus sanctorum*.


Plat simbale word bespeel deur die regter- en linkerhande, wat elk ‘n simbaal vashou, wat skerp bymekaar gebring word vertikaal met die liggaam (Stainer 1914:167). Figuur 46 is ‘n voorbeeld van die keël- of kegelvormige simbale.



Figuur 46⁴⁸ – ‘n Assiriese simbaalspeler met die keël- of kegelvormige simbale

⁴⁸ Stainer (1914:167)

Die antieke Egiptenare het ook simbale gebruik wat gemaak was van koper met 'n klein vermenging van silwer (Stainer 1914:167). Stainer wys daarop dat daar 'n paar van hierdie simbale in 'n graf van die priesterlike musikus genaamd Ankhapê, naby sy gebalsemde liggaam, gevind is.




Figuur 47⁴⁹ – Voorstellings van die simbale gevind in Ankhapê se graf
Sendrey en Norton (1964:130) sê dat bykans alle antieke mense 'n soort metaalsimbaal in besit gehad het. Hy beskryf ook dat die Assiriërs twee soorte simbale gehad het, naamlik:

- a) 'n plat, pieringvormige tipe wat regop gehou is en sydelings teen mekaar geslaan is.
- b) 'n klokvormige simbaal met lang handvatsels wat bespeel is deur die boonste simbaal op die onderste te slaan.

Griekse simbale was gemaak van 'n bronsalloori en was klein genoeg om deur dansende vroue gebruik te word (Sendrey & Norton 1964:130).

Sendrey en Norton (1964:130) vermeld dat die twee verskillende simbale wat in Psalm 150:5 aangetref word, moontlik van verskillende materiaal gemaak was. Die helder simbale was groter en gemaak van brons en regop gehou met 'n klank wat grof en deurdringend was en die klinkende of galmende simbale was kleiner, gemaak van geelkoper en ligter in gewig en helder van klank en dit is vertikaal bespeel.

⁴⁹ Stainer (1914:168)



Figuur 48⁵⁰ – Nog ‘n voorstelling van die simbale

ı

Hierdie simbale is die laaste instrumente wat genoem word in die Psalmbundel en dit help om die crescendo van die Psalmbundel op ‘n baie hoë noot af te sluit.

In die volgende hoofstuk word daar ‘n literêre-analise van Psalm 150 gedoen. Psalm 150 is baie belangrik omdat die meeste musiekinstrumente daarin aangetref word en ook omdat dit die einde van die Psalmbundel vorm.

⁵⁰ Keel (1997:339)

HOOFSTUK 4

LITERÊRE-ANALISE VAN PSALM 150

4.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk word 'n literêre-analise van Psalm 150 gedoen. Psalm 150 is baie belangrik omdat dit die Psalmbundel afsluit. Psalm 150 bevat die meeste musiek-instrumente en hierdie psalm vorm die grand finalé van 'n crescendo wat opbou vanaf die begin van die Psalmbundel en eindig in Psalm 150. Die musiekinstrumente speel ook 'n baie groot rol in hierdie opbou van die Psalmbundel en help om die Psalmbundel in 'n manjifieke grand finalé af te sluit. Die doel van hierdie literêre-analise is dus ook om die rol van die musiekinstrumente in Psalm 150 vas te stel.

In hierdie literêre-analise word daar aandag gegee aan die morfologiese analise, sintaktiese analise, struktuuranalise, poëtiese tegnieke, die genre en die detailanalise van Psalm 150.

Daar is al baie oor Psalm 150 nagevors deur verskeie geleerdes. Kraus (1989:569) het onder andere in sy navorsing Psalm 150 bestempel as "The praise of God with sacred music". Hy is van mening dat die prys van Jahwe toegeskryf kan word aan dans en musiek. Kraus wys ook daarop dat die gemeenskap met die begeleiding van musiekinstrumente God in sy heiligdom geloof en geprys het. Kraus (1989:570) vermeld dat die metode van sang en musiek maak steeds 'n groot probleem is. Kissane (1954:336) beklemtoon dat Psalm 150 dien as doksologie van die vyfde boek van die Psalmbundel. Hierdie psalm is volgens hom 'n oproep aan alle lewende wesens om God saam te loof met die begeleiding van verskeie musiekinstrumente. Oosterley (1939:592) vermeld dat die grootste belang van Psalm 150, die hoeveelheid getuies is wat die psalm bied aangaande die hoeveelheid musiekinstrumente wat gebruik is in die tempel.

In die vorige hoofstuk is al die musiekinstrumente van die Psalmbundel bespreek en die funksie daarvan nagevors. Hierdie bespreking in die vorige hoofstuk, aangaande die musiekinstrumente, kan help om die verskeie funksies van die musiekinstrumente in Psalm 150 toe te lig.

4.2 Perikoopafbakening

Die hele Psalmbundel is in vyf boeke ingedeel. Psalm 150 vorm die slotdoksologie van boek vyf en is ook die slot van die Psalmbundel as geheel. Psalm 150 vorm 'n perikoop op sy eie. Psalm 150 is ook deel van die Hallelujapsalms. Die Hallelujapsalms word gereeld gebruik om verskeie segmente af te sluit (Wilson 1986:87). Sommige van die Hallelujapsalms is Psalms 104-106; 135 en Psalms 146- 150. Zenger (1998:77) vermeld dat boek 5 van die Psalmbundel apart staan van die voorafgaande vier boeke as gevolg van die onderskeidende linguïstiese en teologiese profiel:

Eerstens, omdat die uitroep van Hallelujas 'n merk agtergelaat het op boek 5. Naas die vyfde boek kom die Hallelujas slegs voor aan die einde van boek 4 in Psalms 104, 105 en 106. Volgens Zenger is hierdie Hallelujas van boek 4 redaksionele elemente wat bygevoeg is met 'n doel om aan te pas by die vyfde boek wat later bygevoeg is.

Tweedens, is die herhalende gebruik van die twee werkwoorde $l l h$ en $h d y$ kenmerkend van die hele boek 5, behalwe by spesiale plekke, naamlik Psalms 110, 119, 134, 137, 143 en 144. Zenger (1998:78) vermeld dat ten minste een van die twee werkwoorde in elk van die spesiale gevalle aangetref word.

Derdens word die tweevoudige doksologiese formule wat die ander vier boeke afsluit, nie in boek 5 aangetref nie. Zenger (1998:79) is van mening dat die Halleluja wat bygevoeg is in Psalm 106:48 eerder aan Psalm 106 behoort in plaas daarvan dat dit die begin van Psalm 107 is.

4.3 Tekskritiek

Die Masoretiese teks word as korrek aanvaar en geen tekskritiese nota word in ag geneem nie.

4.4 Morfologiese analise

1 $W l l] h ' - W w . P i e l I m p e r a t i e f m l . m v . v a n l l h$
(loof/prys)

Hy : - Eienaam (Jahwe)

laeAWll]h' - Ww. Piel Imperatief ml. mv. van llh (loof/prys)

- Nw. ml. ekv. van la (God)

/vd]q;B] - Voors. B + Nw. ml. ekv. cst. + PNS 3 ml. ekv. van

vdq (in sy heiligdom)

WhWll]h' - Ww. Piel Imperatief ml. mv. + PNS 3 ml. ekv.

van

llh (loof/prys Hom)

['yqir]Bi - Voors. B + Nw. ml. ekv. cst. van [yqr (in sy uitspansel)

/Z[u - Nw. ekv. cst. + PNS 3 ml. ekv. van Z [(sterk)

2 WhWll]h' - Ww. Piel Imperatief ml. mv. + PNS 3 ml. ekv. van

llh (loof/prys Hom)

wyt;roWbgÒbi - Voors. B + Nw. vr. mv. cst. + PNS 3 ml. ekv.

van

hrwbg (oor sy magtige dade)

WhWll]h' - Ww. Piel Imperatief ml. mv. + PNS 3 ml. ekv.

van

llh (loof/prys Hom)

broK] - Voors. K + Nw. ml. ekv. van br (na die volheid)

/ld]G¬ - Nw. ml. ekv. cst. + PNS 3 ml. ekv. van ldg

(van sy grootheid)

3 WhWll]h' - Ww. Piel Imperatief ml. mv. + PNS 3 ml. ekv. van

llh (loof/prys Hom)

[q'teB] - Voors. B + Nw. ml. ekv. cst. van [qt (met die klank)

rɔ; /v - Nw. ml. ekv. van rɔwv (ramshoring)

WhWll]h' - Ww. Piel Imperatief ml. mv. + PNS 3 ml. ekv. van llh (loof/prys Hom)

lb, nEB] - Voors. B + Nw. ml. ekv. van lbn (met die harp)

r/NkiwÒ - Waw Kopulatief + Nw. ml. ekv. van rwnk (lier)

4 WhWll]h' - Ww. Piel Imperatief ml. mv. + PNS 3 ml. ekv. van llh

(loof/prys Hom)

¹tob] - Voors. B + Nw. ml. ekv. van ¹t (tamboeryn)

l/jm;W - Waw Kopulatief + Nw. ml. ekv. van lwjm (koordans)

WhWll]h' - Ww. Piel Imperatief ml. mv. + PNS 3 ml. ekv. van llh

(loof/prys Hom)

μyNImiB] - Voors. B + Nw. ml. mv. van ÷m (met snarespel)

bgÉW[wÒ - Waw Kopulatief + Nw. ml. ekv. van bgw [(fluit)

5 WhWll]h' - Ww. Piel Imperatief ml. mv. + PNS 3 ml. ekv. van llh

(loof/prys Hom)

Ayl ϵ x]l]xib] - Voors. B + Nw. ml. mv. cst. van
 μ y]x]x (simbale)

[m'v; - Nw. ml. ekv. van [m ν (wat gehoor kan
 word/klinkende)

WhWll]h' - Ww. Piel Imperatief ml. mv. + PNS 3 ml. ekv.
 van llh

(loof/prys Hom)

yl ϵ x]l]xiB] - Voors. B + Nw. ml. mv. cst. van
 μ y]x]x (simbale)

h[;Wrt] - Nw. vr. ekv. van h[wrt (wat
 weerklink/helder)

6 lKO - Nw. ml. ekv. van lk (laat alles)

hm;v;NÒh' - Lidwoord h + Nw. vr. ekv. van hmvn
 (wat asem het)

lLeh'T] - Ww. Piel Imperfektum 3 vr. ekv. van llh
 (loof/prys

Hom)

Hy: - Eienaam (Jahwe)

Hy:AWll]h' - Ww. Piel Imperatief ml. mv. van llh + Eienaam
 (loof/prys

Jahwe)

Psalm 150 is 'n reeks uitroepe van lofprysing. Elke reël begin met Halleluja of "Loof God of Loof Hom" (herhaling) behalwe in vers 6a waar die woordvolgorde omgekeer word. In vers 1 is daar twee verskillende aanspreekvorme vir God, naamlik Hy: en

lae. Volgens Allen (1983:323) is hierdie lofprijsing normaalweg 'n belangrike gedeelte van 'n gesang of himne, maar hier, soos in Psalm 134, word dit onafhanklik gebruik. Verse 1-2 het 'n inleidende rol as basiese uitroep van lofprijsing en implisiete gronde vir lofprijsing. Verse 3-5 verteenwoordig 'n eenheid wat ingelei word deur 'n inleidende kolon. Verse 1-5 word ook met mekaar verbind deur die negevoudige gebruik van die voorsetsel B] (semanties verander dit elke keer), twee keer in elke lyntjie behalwe vir vers 2. Hierdie psalm is beslis bedoel as lofprijsing met die herhaling van Halleluja.

4.5 Sintaktiese analise

HYÉ W{llÒh^¾ 1a

Bevelsin

A /vdÒq;B] la«AwllÒh^¾ b

Bevelsin

/Z[U [¾YqirÒBI WhWllÒh^¾ c

Bevelsin

wytrœWbgÒbI WhWllÒh^¾ 2a

Bevelsin

/ldIG¬ broKÒ WhWll]h^¾ b

Bevelsin

B rp;/v [q¾t«B] WhWll]h' 3a

Bevelsin

r/Nkiw] lb,n«B] WhWll]h' b

Bevelsin

l/jm;W ¹t¿b] WhWll]h' 4a

Bevelsin

bg;W[wÒ µyNImiB] WhWll]h' b

Bevelsin

[m'v;Ayl«x]]xiB] WhWll]h' 5a

Bevelsin

h[;Wrt] ylex]]xiB] WhWll]h' b

Bevelsin

C HyÉ lLeh'T] hm;v;N]h" lKo 6a


Uitroepsin/ wenssin

HyÉAWll]h' b

Bevelsin

Psalm 150 bestaan uit 'n reeks imperatiewe. Slegs een uitroepsin/wenssin kan onderskei word tussen al die bevelsinne. Die bevelsinne is 'n reeks oproepe om God te loof en te prys met die begeleiding van verskeie musiekinstrumente. Op die maat van die musiek word daar gesing en gedans. Die uitroepsin/wenssin is 'n wens of uitroep dat alles wat asem het, die Here loof en prys. Vanuit hierdie sintaktiese analise kan afgelei word dat die musiekinstrumente 'n baie groot rol speel om die begeleiding te verskaf waarmee God geloof en geprys moet word.

4.6 Struktuur



3 /ldIG- broKÒ WhWll]h^{3/4} b

Loof Hom vir die volheid van sy

grootheid

II C33 rp;/v [q^{3/4}t«B] WhWll]h' 3a Loof

Hom met basuingeklank,

3 r/Nkiw] lb-n«B] WhWll]h' b

Loof Hom met harp en lier,

4 3 l/jm;W¹tj] WhWll]h' 4a

Loof Hom met tamboeryn en koordans,

3 bg;W[wÒ µyNimiB] WhWll]h' b

Loof Hom met snarespel en fluit,

5 2 [m'v;Ayl«x]l]xiB] WhWll]h' 5a

Loof Hom met helder simbale,

3 h[;Wrt] ylex]l]xiB] WhWll]h' b

loof Hom met klinkende simbale!

6 4 HyÉ lLeh'T] hm;v;N]h" lKo 6a

Laat alles wat asem het, Jahwe, loof.

2 —HyÉAWll]h' b

Halleluja!

Vanuit hierdie struktuur is dit duidelik dat Psalm 150 in twee stansas verdeel kan word. Stansa 1 bestaan uit twee strofes, naamlik strofes A en B. Strofe A bestaan uit versbene 1b-1c. Strofe B bestaan uit versbene 2a-2b. Stansa 2 bestaan uit strofe C. Strofe C word onderverdeel in versbene 3a-6a. Psalm 150 begin met Halleluja en eindig met Halleluja en vorm dus 'n inclusio wat die hele gedig omarm. Dahood (1970:358) lei ook 'n inclusio af.

Dit is baie opvallend hoe die musiekinstrumente gerangskik is in hierdie psalm. Daar word sewe musiekinstrumente in hierdie psalm genoem. Vanuit die struktuur kan afgelei

word dat die musiekinstrumente op 'n besonderse wyse gerangskik is in hierdie psalm. Eerstens word die ramshoring genoem. Dit is moontlik gebruik om 'n aankondiging te maak dat iets belangriks gaan gebeur of daar is bepaalde seine uitgestuur, soos reeds in 'n vorige hoofstuk bespreek is. Tweedens word die harp en die lier genoem. Derdens word die tamboeryn en koordans ($\text{ל} \text{ו} \text{ג} \text{מ}$) genoem. Die $\text{ל} \text{ו} \text{ג} \text{מ}$ is deur baie vertalers verstaan as 'n tipe dans. Die term $\text{ל} \text{ו} \text{ג} \text{מ}$ verskyn in Eksodus 15:20; Rigters 11:34; 21:34 en Psalm 150:4. Braun (2002:40) suggereer 'n sinkretistiese interpretasie vir die term $\text{ל} \text{ו} \text{ג} \text{מ}$, wat musiek, poësie en dans bevat. Die dansers het gesing en moontlik met die tamboeryne gespeel. Wat opvallend is, is dat die koordanse presies in die middel is. Daar word vier instrumente voor die koordanse genoem en vier instrumente na die koordanse. As 'n hipotese gewaag kan word, dan sou dit wees dat die musiekinstrumente rondom die dansers geplaas was en dat die dansers in die middel gedans en gesing het. Of dit wel die bedoeling van die psalmdigter was, bly egter 'n vraagstuk. Vierdens word die snarespel en die fluit genoem en laastens word die simbale genoem. Fluit en simbale kom net in Psalm 150 in die Psalmbundel voor. Die psalm beweeg na 'n klimaks by vers 3b wanneer die pare musiekinstrumente verdubbel word. In vers 5 neem die herhaling van $\text{ז} \text{ר} \text{ז} \text{ז} \text{ז}$ (simbale) letterlik en wat klank betref die hardste instrumente, dit verder, terwyl die omvattendheid van vers 6 dit afsluit. Hierdie simbale help baie om hierdie psalm as grand finalé af te sluit, juis omdat dit so 'n harde musiekinstrument is. Hier kom twee tipes simbale voor, naamlik helder simbale en klinkende simbale. Die klinkende simbale word ook elders genoem in die Bybel, naamlik in 2 Samuel 6:5 (Oesterley 1939:593).

4.7 Poëtiese tegnieke

4.7.1 Klankvlak

a) *Onomatopée*

In vers 5 is daar klanknabootsing of onomatopée met die herhaling van ylxlx.

Vers 5 lyk soos volg: h[;Wrt] ylex]l]xiB] WhWll]h'

[m'v;Ayl«x]l]xiB] WhWll]h'.

b) Rym

Daar is rym in versbene 1b en 1c tussen die volgende twee woorde, naamlik

/vd]q;B] en /Z[. Rym kom ook voor in versbene 5b, 6a en b, naamlik

h[;Wrt,Hy; en Hy:AWll]h'.

4.7.2 Patroonvlak

a) Metrum

1a, b, c - 2 + 2 + 3

2a, b - 2 + 3

3a, b - 3 + 3

4a, b - 3 + 3

5a, b - 2 + 3

6a, b - 4 + 2

b) Parallelisme

Versbene 1b en c vorm 'n parallelisme t.o.v. ww. +nw. 1b /vd]q;B]

laeAWll]h' en 1c /Z[u ['yqir]Bi WhWll]h'.

Versbene 2a en b vorm ook 'n parallelisme t.o.v. ww. +nw. 2a

wyt;roWbgÒbi WhWll]h' en 2b /ld]G→ broK]

WhWll]h'. Versbene 3a tot en met 5b vorm parallelismes met mekaar, ook

t.o.v. ww. +nw. 3a rp;/v [q'teB] WhWll]h', 3b

r/Nkiwò lb, nEB] WhWll]h', 4a l/jm; W ¹tob]
 WhWll]h', 4b bgÉW[wò µyNImiB] WhWll]h', 5a
 [m'v; Aylex]l]xib] WhWll]h' en 5b h[; Wrt]
 ylex]l]xiB] WhWll]h'.

c) Chiasme

Met al die bogenoemde parallelismes vorm versbeen 6a Hy: lLeh'T]
 hm; v; Nòh' lKò'n
 chiasme, omdat die woordorde omgekeer word.

d) Herhaling

Wat herhaling betref is dit baie duidelik dat die woord WhWll]h' herhaal word.

WhWll]h' word 9 keer herhaal. Verse 1-5 word ook met mekaar verbind deur die negevoudige herhaling van die voorsetsel B] soos reeds vroeër uitgewys is.

e) Ringskomposisie

Hier word 'n ringskomposisie aangetref omdat die Psalm dieselfde begin en eindig met Hy: AWll]h'.

4.8 Genre

Volgens Burger (1987:23) is die genre van hierdie Psalm 'n loflied of himne aan Jahwe. In hierdie loflied word die lof van Jahwe besing. Buitenwieser (1938:874) vermeld dat eksegete Psalm 150 beskou as 'n egte psalm. Psalm 150 sluit die Psalm bundel af en vorm deel van die Hallelujapsalms soos reeds vroeër vermeld is. Anderson (1972:954) vermeld ook dat hierdie psalm 'n himne is, alhoewel dit bestaan uit 'n uitgebreide inleiding met die kenmerkende himniese hoofgedeelte. Die inleiding en slot van die

lofliedpsalm sluit gewoonlik bymekaar aan, soos hier in Psalm 150 word Jahwe geprys deur herhaling van $H\bar{y} : AW\bar{l} \bar{l}] h'$ in verse 1 en 6. Psalm 150 word as die slotpsalm of as slotdoksologie beskou van die hele Psalmbundel. Psalm 150 is ook die slotdoksologie van boek 5 in die samestelling van die Psalmbundel. Oesterley (1939:587) wys dat die plek en komposisie van Psalm 150 toegeskryf kan word aan 'n finale redaktor. Burger (1987:23) wys ook daarop dat die loflied sy *Sitz im leben* in die tempel en voorhof het, want daar is God deur sangers, musikante en gelowige Israëliete geprys.

4.9 Detailanalise

Mowinckel (1957:86-87) het die psalm in drie strofes verdeel, naamlik verse 1-2, 3-4, 5-6. Allen (1983:CD) verdeel dit ook in drie strofes. Volgens Allen vorm vers 6 die gevolgtrekking as gevolg van verandering in werkwoordkonstruksie en klimaktiese inhoud.

Daar word duidelik vier vrae aangetref in Psalm 150, naamlik waar, waarvoor, hoe en deur wie, moet God geprys word?

1. ***Waar lofprysing gebring moet word (Psalm 150:1)*** – Die eerste vraag word dadelik beantwoord: “*Loof God in sy heiligdom...*” (Psalm 150:1b). Die woord **heiligdom** kan op verskeie maniere verstaan word. Dit is moontlik die tempel of ‘n ander voorbereide plek van aanbidding. Daar kan egter ‘n breër verwysing aan die woord Heiligdom toegeskryf word. Dit is ‘n algemene Bybelse lering dat God nie binne mure wat die mens gebou het vasgevang kan word nie: die hele aarde is God se tempel. Die volgende frase van “*loof hom in sy sterk uitspansel*” (Psalm 150:1c) verbreed die eerste frase nog meer. Hier word te kenne gegee dat God orals geprys word, naamlik in die hemel en op die aarde (TIB 1989:760).
2. ***Waarvoor God geprys moet word (Psalm 150:2)*** – “*Loof Hom vir sy magtige dade, loof Hom vir die volheid van sy grootheid*” (Psalm 150:2). Hierdie woorde gee die indruk van onmeetlikheid en unieke mag. Die skrywers van die Ou Testament het ‘n kenmerkende tendens om iets groter te maak as wat dit werklik is. Hulle wil selfs berge bo-op mekaar stapel en duisende en tienduisende kere lofprysing bring. Hierdie oordrywing is meganies, dit is om ‘n kwantiteit te neem

- en dit tot die N^{ste} graad (N veronderstel 'n sekere hoeveelheid) te verhef. Die psalmis maak ons bewus van die majesteit en die almag van God. Selfs die magtigste mense is ingeperk en is gou by die einde van hulle bronne, maar God is almagtig in hemel en op aarde. Hy is ver bo menslike taal en bo alle verstand en daarom moet God geloof en geprys word (TIB 1989:761).
- 3. *Hoe God geprys moet word (Psalm 150:3-5)*** – Hierdie derde vraag vra nog meer vrae. Die psalmis beklemtoon hier die belangrikheid van musiek en spesifiek instrumentale musiek. Hy verwys spesifiek na die ramshoring (basuingeklank), die harp, lier, tamboeryn, snarespel en fluit, en ook simbale, soos wat die instrumente hulle rol gespeel het in die groot feeste van die tempel. Hy praat ook van koordans, asof iets wat sekulêr is, ook aan sakrale gebruik toegeskryf kan word. Iets is nie noodwendig goed of sleg in sigself nie, maar die manier waarop dit gebruik word en die motiewe wat daaraan toegeskryf is, bepaal dit (TIB 1989:762).
- 4. *Deur wie God geprys moet word (Psalm 150:6)*** – Hierdie lofprysing moet nie net deur Priesters en Leviëte, die wat uitverkies is in die ontmoetingsplek, deur spesifieke kore, of selfs deur die wat spesiale seën ontvang het, alleen gebring word nie. Nee, almal wat asemhaal moet God loof en prys (TIB 1989:763).

Baie opvallend van Psalm 150 is dat die meeste musiekinstrumente van die Psalmbundel in hierdie psalm voorkom. Psalm 150 word ook beskryf as die slot van die Psalmbundel en vorm 'n merkwaardige doksologie aan die einde van die Psalmbundel.

Psalm 150 word geag as die slotdoksologie van die laaste boek van die Psalms, maar dit kan nie bevestig word of dit die doel was waarvoor dit bestem was nie. Buttenwieser (1938:874) wys daarop dat hierdie psalm deur die eindredaktors bygevoeg is, om te dien as 'n doksologie vir die volledige Psalmbundel.

Eaton (1967:316) beskryf Psalm 150 as 'n himne wat aan die einde van die Psalmbundel krag en intensiteit bereik. Hy beskryf dit ook as die gevolgtrekking van die lof wat opbou deur die psalms vanaf Psalm 145.

Burden (1983:193) noem hierdie psalm 'n "grand finalé"⁵¹ omdat dit die grootste in volume van musiek is en die grootste orkes het.

Psalm 150 is definitief 'n doksologie wat die Psalmbundel afsluit. 'n Doksologie wat die einde is van 'n verlengde crescendo ('n musiekterm wat beteken om geleidelik harder te word) en 'n majestueuse grand finalé vorm van die Psalmbundel. Met crescendo word bedoel dat die Psalmbundel geleidelik opbou tot by hierdie finale lofprysing in Psalm 150. Musiekinstrumente speel definitief 'n baie groot rol in Psalm 150 om te help om hierdie grand finalé te bereik.

In literatuur, sowel as in musiek, is dit moeilik om gevolgtrekkings te maak. Die gevolgtrekking of slot van die Psalmbundel is net so belangrik soos die begin van die Psalmbundel. Om goed te begin is om die aandag van die hoorder of leser te wen. Om goed te eindig is om die tema by 'n klimaks te bring of om 'n argument te staaf. Die Psalmbundel kom tot 'n klimaks in 'n triomflied waarna die hele skepping verskuif, 'n eskatologie van lof (TIB 1989:759-760).

Psalm 150 word beskou as 'n psalm met verskeie imperatiewe soos reeds in die sintaktiese analise vermeld is. Hierdie imperatiewe in Psalm 150 kan beskou word as imperatiewe van lof of prys. Dit kan soos volg voorgestel word:

Psalm met Imperatiewe	Imperatief tot prys	God se majesteit	Imperatief tot prys
Psalm 150	Psalm 150:1 Prys God in...	Psalm 150:2 ...oor sy magtige dade... vir die volheid van sy grootheid	Psalm 150:3; 4 en 5 Prys Hom met... Psalm 150:6 Laat alles wat asem het, Jahwe, loof!

Figuur 49 – Die imperatiewe in Psalm 150

Met Psalm 150 het die Psalmbundel sy kringloop voltooi. Terwyl Psalm 1 die formele inleiding tot die bundel uitmaak, en doelbewus die gehoorsame toewyding aan God en sy

⁵¹ Gewoonlik het 'n opera of groot simfonie afgesluit met 'n groot einde om dit op 'n sinvolle wyse af te rond. Burden (1983:193) vergelyk Psalm 150 eintlik met 'n opera of simfonie se einde.

wet as die sleutel tot die res van die bundel voorhou, skets Psalm 150 die vrug van so 'n gehoorsame en toegewyde lewe, naamlik die danksegging en aanbidding aan God (Cilliers 1988:225). Hierdie danksegging en aanbidding word nie anders gebring as met sang en musiekinstrumente nie.

Volgens Whybray (1996:19) wys Psalm 1 en Psalm 150 dat dit die intensie van die redaktors was om die Psalmbundel as 'n geheel te lees. Die rol van die musiekinstrumente in die opbou van die Psalmbundel tot by Psalm 150 is baie opvallend. Die musiekinstrumente begin sag en in die res van die Psalmbundel word die musiekinstrumente al hoe harder. Hierdie musiekinstrumente is soos 'n simfonie-orke wat elkeen 'n spesifieke funksie in die Psalmbundel verrig. Hierdie simfonie-orke speel 'n baie groot rol in die opbou van die Psalmbundel. Die musiek bou op met 'n crescendo en bereik 'n klimaks in Psalm 150 wanneer die simfonie-orke op sy hardste speel. Met woord en musiek bereik die Psalmbundel 'n merkwaardige grand finalé aan die einde van die Psalmbundel. Die hele skepping word opgeroep in Psalm 150 om God te prys in hierdie slotdoksologie waarin God verheerlik word. Dit is wonderlik dat so 'n merkwaardige boek soos die Psalmbundel so merkwaardig kan begin en op so 'n merkwaardige manier kan afsluit. So baie psalms vertel van lyding en smart en ander weer van teenstand van vyande. Psalm 150 is anders, dit is 'n loflied wat die Psalmbundel met blydschap op 'n hoë noot afsluit. Psalm 150 is die grand finalé van die simfonie-orke in die Psalmbundel.

HOOFSTUK 5

SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKING

5.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk word die hele studie afgerond. Die verspreiding van die musiek-instrumente word bespreek en die hipotese van die studie word saamgevat.

5.2 Verspreiding van die musiekinstrumente oor die hele Psalmbundel

Boek 1 (Ps 1-41)	Boek 2 (Ps 42-72)	Boek 3 (Ps 73-89)	Boek 4 (Ps 90-106)	Boek 5 (Ps 107-150)
33:2 – lier en harp	43:4 - lier 47:6 - ramshoring 49:5 - lier 57:9 – harp en lier 68:26- tamboeryn 71:22- harp en lier	81:3 – lier, harp en tamboeryn, 81:4 - ramshoring	92:4 – harp en lier 98:5 – lier (2x) 98:6 – trompette en ramshoring	108:3 – harp en lier 137:2 - liere 144:9 - harp 147:7 - lier 149:3 – tamboeryn en lier 150:3 – harp, lier en ramshoring, 150:4 – tamboeryn en fluit 150:5 – simbale (2x)

Figuur 50 – Verspreiding van die musiekinstrumente in die Psalmbundel

5.2.1 Gevolgtrekking verkry vanuit bogenoemde verspreiding van die musiekinstrumente in die Psalmbundel

- **Boek 1** van die Psalmbundel bestaan uit 41 psalms en hier kom slegs een psalm met twee musiekinstrumente voor, naamlik Psalm 33:2. Soos reeds vermeld is, is

dit nogal baie opvallend dat hierdie psalm nie deel is van die Dawidbundel soos Psalm 3-41 nie. Dit is die enigste psalm wat uitgesluit is uit die Dawidbundel soos reeds in hoofstuk 2 verduidelik is.

- **Boek 2** van die Psalmbundel bestaan uit 31 psalms en daar is ses psalms waarin daar musiekinstrumente voorkom. Hierdie psalms is Psalms 43:4; 47:6; 49:5; 57:9; 68:26 en 71:22. Altesaam kom daar agt musiekinstrumente in boek 2 van die Psalmbundel voor. Psalms 43, 47 en 49 vorm deel van die Koragpsalms soos reeds vermeld is. Burger (1987:12) beskryf die Koragversameling as 'n liturgiese koorboek met ou liedere wat deur die Koragiete versamel en gebruik is. Hy sê ook dat die Koragiete gedurende die 4de eeu v.C. hulleself opgewerk het van 'n familie van deurwagters tot tempelsangers. Psalms 57, 68 en 71 vorm deel van die klein Dawidbundel soos reeds vermeld is. In boek 2 kom daar vier verskillende musiekinstrumente voor, naamlik die harp, lier, ramshoring en tamboeryn.
- **Boek 3** bevat 17 psalms waarvan daar slegs 1 psalm is met musiekinstrumente. Psalm 81:3-4 bevat ook vier musiekinstrumente, naamlik die lier, harp, tamboeryn en ramshoring. Psalm 81 vorm deel van die Asafpsalms. Burger (1987:12) vermeld dat die Asafversameling die koorboek was van 'n gerespekteerde gilde van tempelsangers wat saam met Serubbabel uit die ballingskap teruggekeer en toe as 'n tempelkoor opgetree het. Volgens Burger was hulle die nakomelinge van Asaf, wat 'n sanger in die tempel van Dawid was. Psalm 81 vorm saam met Psalms 43; 47; 49; 57; 68 en 71 deel van die Elohistiese psalms. Dit beteken dat die naam van Jahwe vervang is met Elohim.
- **Boek 4** bevat ook 17 psalms waarvan daar twee psalms is met musiekinstrumente. Hier verskyn weer eens vier soorte musiekinstrumente in hierdie boek, naamlik die lier, harp, trompet en ramshoring. Psalms 92 en 98 vorm deel van die aantal 'los' psalms wat voorkom in die Psalmbundel. Hierdie 'los' psalms pas nie by 'n

- spesifieke blok soos die Koragpsalms of Dawidbundel in nie en staan dus op hulle eie en is as individuele psalms ingevoeg in die Psalmbundel.
- **Boek 5** bevat die meeste psalms van al die boeke, naamlik 44. Daar is ses psalms in hierdie boek wat musiekinstrumente bevat, naamlik Psalms 108, 137, 144, 147, 149 en 150. Psalms 108 en 144 vorm deel van die Dawidpsalms en Psalm 137 vorm deel van die ‘los’ psalms (Psalm 137 is ook weer ‘n individuele psalm wat op sy eie ingevoeg is). Psalms 147, 149 en 150 maak deel uit van die ‘Halleluja-psalms’. Daar is ses soorte musiekinstrumente en ook die meeste in boek 5 van die Psalmbundel. Die ses soorte musiekinstrumente wat voorkom in boek 5 van die Psalmbundel is die harp, lier, tamboeryn, ramshoring, fluit en simbale.
 - **Gevolgtrekking:** Die volgende afleiding word gemaak vanuit die bogenoemde bespreking van die vyf boeke waarin die Psalmbundel verdeel is. Hierdie afleiding wat gemaak word staaf die hipotese. Die musiekinstrumente vertoon ‘n opbou in hardheid in die Psalmbundel. ‘n Mens kan ook praat van ‘n crescendo soos reeds vermeld is in die literêre-analise van Psalm 150. Die musiekinstrumente speel ‘n baie belangrike rol in die opbou van die Psalmbundel en vorm ‘n crescendo in die verloop van die Psalmbundel totdat dit in ‘n klimaks eindig in Psalm 150. Die volgende tabel help om die hipotese te staaf:

Boek 1	Boek 2	Boek 3	Boek 4	Boek 5
Lier	Lier	Lier	Lier	Lier
Harp	Harp	Harp	Harp	Harp
	Tamboeryn	Tamboeryn	Trompette	Tamboeryn
	Ramshoring	Ramshoring	Ramshoring	Ramshoring
				Fluit
				Simbale

Figuur 51 – Die musiekinstrumente wat in die boekindeling van die Psalmbundel verskyn

Boek 1 begin met slegs die **harp** en die **lier**, beide is redelik sagte instrumente. In Boek 2 van die Psalmbundel kom daar twee nuwe musiekinstrumente by, naamlik die

tamboeryn en **ramshoring**. Die **tamboeryn** is ‘n musiekinstrument wat ritme verskaf het en die **ramshoring** was ‘n aankondigingsinstrument soos reeds in hoofstuk 4 bespreek is. Die musiekinstrumente in boek 2 het nou aansienlik harder geword. In boek 3 kom daar geen nuwe instrument by nie en bly die musiekinstrumente dus konstant. In boek 4 val die **tamboeryn** weg en word dit vervang met die **trompette** in Psalm 98:6 wat saam met die **ramshoring** geblaas word. Die musiekinstrumente het nou nog harder geword. In boek 5 is daar nie eers twyfel daaraan dat die musiekinstrumente nog harder word nie. Hier word die **tamboeryn** weer bygevoeg en word daar **fluite** en **simbale** ook bygevoeg. Die musiekinstrumente is die hardste in hierdie boek en eindig met ‘n kragtige crescendo in Psalm 150 wat ook die grand finalé genoem kan word.

5.2.2 Die Psalmbundel as ‘n groot simfonie en die musiekinstrumente soos ‘n groot simfonie-orkes

Die simfonie⁵² wat die orkes bespeel, is in vyf dele verdeel en dit is naamlik die vyf boeke waarin die Psalmbundel verdeel is. Die orkes begin die simfonie taamlik sag deur met net die **harp** en die **lier** te speel in Psalm 33:2, dit is die eerste deel van die simfonie (Boek 1).

Dan speel die **lier** rustig voort in die tweede deel van die simfonie (Boek 2), terwyl daar na God se altaar beweeg word sodat God met jubelende blydschap geloof kan word. Dan ewe skielik is daar ‘n aankondiging in Psalm 47:6, “*God vaar op met gejuig, die Here gaan op met die ramshoring*”. Dan word daar ‘n raaisel verklaar terwyl die **lier** bespeel word in Psalm 49:5 en in Psalm 57:9 moet die môre wakker gemaak word terwyl die **harp** en die **lier** verder speel. Daar kom ook ritme by met die speel van die **tamboeryn** terwyl die tamboeryn-speelsters in ‘n optog loop saam met ander orkeslede terwyl hulle op die **tamboeryne** slaan in Psalm 68:26. Daarna word God geloof in die simfonie met die speel van die **harp** en terwyl psalmsang weerklink saam met die speel van die **lier** in Psalm 71:22.

⁵² ‘n Musiekkomposisie

Die derde deel (Boek 3) van die simfonie begin by Psalm 81:3 waar daar ‘n fees plaasvind. Die instrumente speel hier almal saam, naamlik die **tamboeryn**, die lieflike **lier** saam met die **harp**. Tydens die nuwemaan moet die **ramshoring** geblaas word in Psalm 81:4. Die simfonie word stadig maar seker al hoe voller en harder soos wat die musiekinstrumente bykom.

Deel 4 (Boek 4) van die simfonie begin dan weer sag wanneer die **harp** en die **lier** saam bespeel word tydens ‘n lied van die Sabbatdag. In Psalm 98:5 word die simfonie gevul met psalmsang wanneer tot die eer en verheerliking van die Here gesing word saam met begeleiding van die **lier**. In Psalm 98:6 word die **trompette** geblaas, die enigste keer wat dit in die simfonie voorkom, saam met die **ramshoring** en daar word gejuig tot eer van die Here, wat die Koning is. In deel 4 van die simfonie is die musiekinstrumente al klaar baie harder.

Dan begin die laaste deel (Boek 5) van die simfonie en dit bou stelselmatig op. Dit begin in Psalm 108:3 waar die **harp** en die **lier** weer die môre wakker maak soos in Psalm 57:9. In Psalm 137:2 is daar hartseer en word die **liere** opgehang aan die wilgerbome langs die kanale as gevolg van ballingskap. In Psalm 144:9 speel die **harp** vrolik, want daar word ‘n nuwe lied gesing. In Psalm 147:7 word daar ‘n danklied gesing saam met begeleiding van die **lier** en die simfonie is vir ouslaas rustig. In Psalm 149:3 word lof aan die Here gebring en verbreed die simfonie ritmies wanneer die **tamboeryn** saam met die begeleiding van die **lier** speel. Dan ewe skielik is daar hierdie geweldige en majestueuse opbou en speel al die musiekinstrumente saam in hierdie pragtige grand finalé. Dit is Psalm 150:3-5. Die **harp** en die **lier** speel saam met die **ramshoring** wat die aankondiging maak, die **tamboeryn** speel ritmies voort en die **fluit** speel melodieus saam. Die simfonie eindig met die **simbale** wat die laaste slag van hierdie pragtige simfonie lewer. Die simfonie vorm beslis ‘n pragtige slotdokologie waarin die Here verheerlik word. *“Laat alles wat asem het die Here loof! Halleluja!*

5.3 Samevattende gevolgtrekking

In die navorsing aangaande die musiekinstrumente wat in die Psalmbundel voorkom, is dit duidelik dat die musiekinstrumente 'n baie groot rol in die wêreld van die Bybel sowel as die wêreld van die Psalmbundel gespeel het. Musiekinstrumente het baie keer en in baie gevalle sommige emosies van die mens en sy omstandighede uitgedruk en daar is baie voorbeelde daarvan reeds bespreek in die voorafgaande hoofstukke. Emosies van hartseer, vreugde en blydschap en lof aan die Skepper wat alles gemaak het.

Die musiekinstrumente in die Psalmbundel genoem, moet nie gering geag word nie, dit moet ten volle in ag geneem word. Navorsers se werk toon dat kennis van musiekinstrumente help om die funksies van die musiekinstrumente beter te verstaan. Elke musiekinstrument het sy eie funksie gehad.

Die musiekinstrumente in die Psalmbundel speel definitief 'n baie groot rol in die opbou van die Psalmbundel. Daarmee kan afgelei word dat musiek 'n baie groot rol verrig, naamlik dat musiek kan help om die lof en verheerliking van God soveel groter te maak. Musiekinstrumente vervul beslis 'n baie groot rol in die Psalmbundel en dit help om selfs die mense van die Bybel beter te verstaan, deurdat sommige emosies en gevoelens wat deur die musiekinstrumente weerspieël word, uitgelig word.

Navorsing oor musiekinstrumente van die Bybel en spesifiek die Psalmbundel hou nie hier op nie. Dit is 'n wye onderwerp wat nog baie nagevors kan word. Hierdie studie is slegs nog 'n perspektief wat gebied word wat betref die musiekinstrumente in die Psalmbundel. Die rol van die musiekinstrumente in die opbou van die Psalmbundel is iets wat nie misgekyk moet word nie. Dit is wonderlik dat die Here, op so 'n wonderbaarlike wyse, met behulp van musiekinstrumente verheerlik kan word in Psalm 150. Die simfonie-orkester van die Psalmbundel sal bly voortleef en eindig met 'n grand finalé in Psalm 150.

BIBLIOGRAFIE

(Volgens riglyne in Kilian J 1989. *Form and style in theological texts: A guide for the use of the Harvard reference system 2nd rev ed.* Pretoria: University of South Africa.)

Allen, L C 1983. *Word Biblical Commentary. Vol 21, Psalms 101-150.* CUM CD. Waco, Texas: Word Books, Publisher.

Anderson, A A 1972. *The Book of Psalms. Vol 2, Psalms 73-150.* London: Oliphants, Marshall, Morgan & Scott.

Biblia Hebraica Stuttgartensia 1967/77, 1984. Deutsche Bibelgesellschaft Stuttgart Gesamtherstellung Biblia. Germany: Druck Stuttgart.

Braun, J 2002. *Music in Ancient Israel/ Palestine: Archeological, Written, and Comparative Sources.* Grand Rapids, U.K: William B. Eerdmans Publishing.

Brueggemann, W 1984. *The Message of the Psalms.* Minneapolis: Augsburg Publishing House.

— 1991. *Bounded by obedience and praise: The Psalms as canon.* (JSOT 50)

Burden, J J 1991. *Skrifuitleg vir Bybelstudent en gemeente: Psalms 120-150.* Kaapstad: N G Kerk-Uitgewers.

Burger, J A 1987. Die Psalms, in Burden, J J & Prinsloo, W S (red), *Tweegesprek met God:* Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers. (*Die Literatuur van die Ou Testament 3.*)

Buttenwieser, M 1938. *The Psalms: Chronologically treated with a new translation.* Chicago: The University of Chicago Press.

- Cilliers, J H 1988. Psalm 150, in Burger, C W (red). *Woord teen die lig*. Vol II/4, *Riglyne vir prediking oor die Psalms*. Kaapstad: N G Kerk-Uitgewers.
- Craigie, P C 1983. *Word Biblical Commentary. Psalms 1-50*. CUM CD. Dallas, Texas: Word Books, Publisher. (Vol 19.)
- Dahood, M S J 1970. *Psalms III 101-150: Introduction, Translation, and Notes with an Appendix*. New York: The Anchor Bible Doubleday. (Vol 3.)
- Deist, F 1984. *A concise dictionary of theological and related terms*. Pretoria: J L van Schaik.
- Dumbrill, R J 2000. *Musicology and Organology of the Ancient Near East*. London: Tadmora Press.
- Eaton, J.H 1967. *Psalms: Introduction and Commentary*. London: SCM Press.
- Keel, O 1997. *The Symbolism of the Biblical World: Ancient Near Eastern Iconography and the Book of Psalms*. Winona Lake, Indiana: Eisenbrauns.
- Kissane, E J 1954. *The Book of Psalms*. Vol II. Dublin: Browne and Nolan, The Richview Press.
- Kraus, H J 1989. *Psalms 60-150: A commentary*. Minneapolis: Augsburg Fortress.
- Larrick, G 1990. *Musical References and Song texts in the Bible*. Wales, U.K: Edwin Mellen Press.
- McFall, L 2000. *The Evidence for a logical arrangement of the Psalter*. Philadelphia: Westminster Publications. (WTJ 62).

Mowinckel, S 1957. *Real and apparent tricola in Hebrew Psalm poetry*. Oslo: Aschehoug.

Oesterley, W O E 1939. *The Psalms*. Vol II, *Translated with text-critical and exegetical notes*. New York: Macmillan.

Prinsloo, W S (red) 2000. *Die lof van my God solank ek lewe*. Irene: Medpharm Publikasies.

Sachs, C 1940. *The history of Musical Instruments*. New York: W. W. Norton.

Sendrey, A & Norton, M 1964. *David's Harp*. New York: New American Library.

Stainer, J 1914. *The Music of the Bible: With some account of the development of modern musical instruments from Ancient types*. London: Novello.

Tate, M E 1990. *Word Biblical Commentary. Psalms 51-100*. CUM CD. Dallas, Texas: Word Books, Publisher. (Vol 20.)

TIB 1989. S v *Psalms*.

Treves, M 1988. *The Dates of the Psalms: History and poetry in Ancient Israel*. Pisa: Giardini Editori e Stampatori.

Vosloo, W (red) 1999. *Die Bybellennium Eenvolumekommentaar*, CUM CD. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.

Werner, E 1962. S v *Musical Instruments*. IDB

Whybray, N 1996. *Reading the Psalms as a book. Recent views on the composition and arrangement of the Psalter*. Sheffield: Sheffield Academic Press. (JSOTS 222).

Wilson, G H 1984. *Evidence of editorial divisions in the hebrew Psalter*. (VT 34)

— 1992. *The shape of the book of Psalms*. Vol XLVI, *Interpretation*. Richmond, Virginia: Interpretation.

Zenger, E 1994. *New Approaches to the Study of the Psalms*. Dublin: The Irish Biblical Association. (P.I.B.A. 17).

— 1998. *The composition and theology of the fifth book of Psalms, Psalms 107-145*. (JSOT 80).

LYS VAN ILLUSTRASIES

- Figuur 1** Grafiek van die verspreiding van die lier in die Ou Testament
- Figuur 2** Grafiek van die verspreiding van die harp in die Ou Testament
- Figuur 3** Grafiek van die verspreiding van die ramshoring in die Ou Testament
- Figuur 4** Grafiek van die verspreiding van die tamboeryn in die Ou Testament
- Figuur 5** Grafiek van die verspreiding van die trompet in die Ou Testament
- Figuur 6** Grafiek van die verspreiding van die fluit in die Ou Testament
- Figuur 7** Grafiek van die verspreiding van die simbale in die Ou Testament
- Figuur 8** Tabel om die totale van die goddelike name aan te dui
- Figuur 9** Samestelling van die vyf boeke van die Psalmbundel
- Figuur 10** Indeling van die psalms met musiekinstrumente
- Figuur 11** Verspreiding van verwysings na musiekinstrumente
- Figuur 12** ‘n Lierspeler wat ‘n lier bespeel wat in ‘n dierevorm gemonteer is
- Figuur 13** Boogharp, geboë harp en ewolusie ondergaan in die geboë lier
- Figuur 14** ‘n Lierspeelster wat die lier met ‘n plektrum bespeel
- Figuur 15** ‘n Lierspeelster wat die lier regop bespeel
- Figuur 16** ‘n Lierspeler speel op die lier uit dankbaarheid vir ‘n godheid
- Figuur 17** ‘n Nomade wat ‘n lier bespeel
- Figuur 18** ‘n Assiriër wat gevangenes begelei wat liere bespeel
- Figuur 19** Musikante bespeel die tamboeryn, die asimmetriese en die simmetriese lier en ‘n tipe fluit
- Figuur 20** ‘n Assiriese militêre orkes met die tamboeryn, simmetriese sowel asimmetriese liere en simbale
- Figuur 21** Nog ‘n voorstelling van ‘n asimmetriese lier
- Figuur 22** Groot draagbare asimmetriese liere
- Figuur 23** ‘n Semitiese lierspeler
- Figuur 24** ‘n Voorbeeld van ‘n baie vroeë tipe harp
- Figuur 25** ‘n Voorbeeld van ‘n hoekige, vertikale harp
- Figuur 26** ‘n Hoekige, vertikale harp
- Figuur 27** ‘n Hoekige, horisontale harp

- Figuur 28** 'n Hoekige, vertikale harp
- Figuur 29** 'n Geboë harp
- Figuur 30** 'n Medium geboë monostrukturele harp
- Figuur 31** 'n Medium geboë monostrukturele harp
- Figuur 32** Hierdie voorbeeld van die ramshoring is van Mari afkomstig en dateer uit die 18de eeu v.C.
- Figuur 33** Nog 'n voorbeeld van die ramshoring van Karkemis en dateer uit die 9de eeu v.C.
- Figuur 34** Musikale notasie
- Figuur 35** Voorbeelde van moderne ramshorings
- Figuur 36** 'n Voorstelling van 'n kultiese optog
- Figuur 37** }
- Figuur 38** } Voorstellings van beeldjies van twee tamboerynspeelsters
- Figuur 39** Voorbeelde van verskillende tipes tamboeryne
- Figuur 40** 'n Illustrasie van tamboerynspeelsters
- Figuur 41** Voorstelling van die Boog van Triomf met twee silwer trompette van Keiser Titus
- Figuur 42** 'n Voorbeeld van 'n reguit trompet
- Figuur 43** 'n Voorstelling van 'n metaaltrompet
- Figuur 44** 'n Fluitspeler begelei 'n sanger met 'n fluit
- Figuur 45** 'n Fluitspeler
- Figuur 46** 'n Assiriese simbaalspeler met die kegel- of keëlvormige simbale
- Figuur 47** Voorstellings van die simbale gevind in Ankhapê se graf
- Figuur 48** Nog 'n voorstelling van die simbale
- Figuur 49** Die imperatiewe in Psalm 150
- Figuur 50** Verspreiding van die musiekinstrumente in die Psalmbundel
- Figuur 51** Die musiekinstrumente wat in die boekindeling van die Psalmbundel verskyn

AFKORTINGS

BHS	Biblia Hebraica Stuttgartensia
CUM	Christelike Uitgewersmaatskappy
IDB	<i>The interpreter's dictionary of the Bible: An illustrated encyclopedia.</i> Vols 1-4. Buttrick, G A (ed) 1962. Nashville: Abingdon Press.
JSOT	Journal for the study of the Old Testament
JSOTS	Journal for the study of the Old Testament, supplement series
OAV	Ou Afrikaanse Vertaling
P.I.B.A.	Proceedings of the Irish Biblical Association
TIB	<i>The interpreter's Bible: A commentary in twelve volumes.</i> Vol 4. Buttrick, G A (ed) 1983. Nashville: Abingdon Press.
VT	Vetus Testamentum
WTJ	Westminster Theological Journal

OPSOMMING

Titel:	Die Simfonie-orkes in die Psalmbundel. Psalm 150 as grand finalé in die Psalmbundel.
Deur:	Cobus Manders
Studieleier:	Prof GTM Prinsloo
Departement:	Antieke Tale
Graad:	Magister Artium

In die Ou Testament word daar baie musiekinstrumente genoem en elke musiekinstrument verrig 'n bepaalde funksie. Daar verskyn ook 'n groot aantal musiekinstrumente in die Psalmbundel. Dit is verder baie opvallend hoeveel musiekinstrumente in Psalm 150 genoem word. In die hele Psalmbundel word die meeste musiekinstrumente in Psalm 150 aangetref. Die vraag is watter rol die musiekinstrumente in die opbou van die Psalmbundel speel?

Die verspreiding van die musiekinstrumente in die Psalmbundel word vergelyk met die ander plekke daarvan in die res van die Ou Testament. Die psalms waarin die musiekinstrumente genoem word, word bespreek en werp lig op hoe die musiekinstrumente in die Psalmbundel se samestelling of komposisie versprei is. Resente navorsing wat betref die komposisie van die Psalmbundel is ook bespreek in die studie.

Elke musiekinstrument wat in die Psalmbundel verskyn, is bespreek en met die hulp van ikonografiese voorstellings word geïllustreer hoe die musiekinstrumente moontlik gelyk het. Daar word ook gekonsentreer op die funksie van die musiekinstrumente.

'n Literêre-analise van Psalm 150 help om die psalm as slotdoksologie en 'n grand finalé te beredeneer. Die navorsing aangaande die musiekinstrumente se rol in die Psalmbundel vertoon dat die musiekinstrumente 'n crescendo vertoon in die Psalmbundel. Die Psalmbundel eindig met 'n majestueuse grand finalé in Psalm 150. Die Psalmbundel word in hierdie studie bestempel as 'n groot musikale komposisie ('n simfonie) en die hele simfonie-orkes is versprei deur die hele Psalmbundel. Aan die einde van die Psalmbundel speel die hele simfonie-orkes saam en almal wat deur God geskep is word opgeroep om God te loof en te prys.

SUMMARY

Title: **The Symphony orchestra in the Psalms.
Psalm 150 as grand finalé in the Psalms.**

By: **Cobus Manders**

Promoter: **Prof GTM Prinsloo**

Department: **Ancient Languages**

Degree: **Magister Artium**

In the Old Testament there are many references to musical instruments and each one performs its own specific function. Especially in the Psalms we come across quite a few musical instruments. What is very obvious is the vast amount of references to musical instruments in Psalm 150. In the entire Psalms the most references are made to musical instruments in Psalm 150. The question of this study is: What role did the musical instruments play in the composition of the Psalms?

The many references to musical instruments in the Psalms are compared to the other references made to them in the rest of the Old Testament. The psalms in which the musical instruments are mentioned, are discussed and sheds light on how the musical instruments are dispersed in the Psalms' composition. Recent studies on the composition of the Psalms are also discussed.

Every musical instrument that occurs in the Psalms is discussed and with the help of iconographic illustrations it is shown how the musical instruments might have looked.

A literary analysis of Psalm 150 helps to argue that this psalm is the final doxology and grand finalé of the Psalms. The studies about the musical instruments' role in the Psalms shows that the musical instruments build up to a crescendo in the Psalms. The Psalms end with a tremendous grand finalé in Psalm 150. The Psalms is regarded in this study as a great musical composition (a symphony) and the entire symphony orchestra is spread throughout the whole of Psalms. At the end of Psalms the whole symphony orchestra plays together and every one and everything that is created by God is called upon to praise and worship the Lord.